

Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlijkheid van die Here soos die waters die seabodem oordek.

Vol. 18, No. 6

Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Nov-Des 2018 *Tomorrow's World*-tydskrif



'n Persoonlike boodskap van

Gerald E. Weston, Hoofredakteur

Wat vier u?

Die wêreld se grootste vakansietyd is om die draai! Miljarde mense wêreldwyd sal die fiktiewe verjaarsdag van Jesus die Christus vier, maar mense met die gawe van onderskeiding, wonder of iemand wat aanspraak maak op Christelikheid, iets daarmee te doen behoort te hê. Hulle vra: "Waarom probeer mense om 'n dag wat deurdrenk is van heidense gebruike te verchristelik? Waarom vier hulle die geboorte van hulle Verlosser op die verjaarsdag van 'n denkbeeldige songod?" Die viering van Kersfees wat sy ontstaan te danke het aan die heidendom, is onbetwisbaar!

Min mense is bereid om teen die stroom van tradisie te gaan. Wat van u? Jesus het die Fariseërs van daardie tyd as volg berispe: "Tereg het Jesaja oor julle, geveinsdes, geprofeteer soos geskrywe is: Hierdie volk eer My met die lippe, maar hulle hart is ver van My af. Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooi van mense is. Want terwyl julle die gebod van God nalaat, hou julle aan die oorlewering van mense vas: die wassery van kanne en bekere, en ander dergelike dinge van dieselfde aard doen julle baie" (Markus 7:6-8).

Is die mense wat vandag se tradisies vier enigsins anders? Beskou bietjie die feite. 'n Bietjie navorsing onthul dat Bybelse Heilige Dae vervang is deur nuttelose heidenseid, oënskynlik "in die naam van Christus". William B. Eerdman se *Handbook to the History of Christianity* verduidelik:

Die Christelike kerk het baie heidense idees en afbeeldings oorgeneem. Van die sonaanbidding kom byvoorbeeld die viering van Christus se geboorte op die vyf-en-twintigste Desember, die verjaarsdag van die Son. *Saturnalia*, die Romeinse winterfees van 17 tot 21 Desember, het voorsiening gemaak vir pret, die gee van geskenke en kerse wat so tipies van latere Kersfeesvieringe geword het. Sonaanbidding het behoue gebly in die Roomse Christendom ... Party heidense gebruike, byvoorbeeld die gebruik van kerse, wierook en kranse, is later verchristelik maar aanvanklik was dit deur die kerk vermy omdat dit 'n heidense simbool was (bll. 131-132).

Neem die volgende noukeurig in aanmerking! Hoe "verchristelik" 'n mens 'n "heidense gewoonte"? Deur eenvoudig die naam van Christus daarmee te assosieer? So 'n konsep is heeltemal belaglik!

Waar is die skeidslyn tussen die waarheid en onverskilligheid

Ek het Eerdman se woorde baie keer aangehaal, net om teleurgestel te word deur 'n traak-my-nie-agtige gesindheid van lesers en luisteraars. Beide Jesus en Paulus het die profeet Jesaja aangehaal

en gesê: “Met die gehoor sal julle hoor en glad nie verstaan nie, en julle sal kyk en kyk, en glad nie sien nie. Want die hart van hierdie volk het stomp geword, en met die ore het hulle beswaarlik gehoor; en hul oë het hulle toegesluit, sodat hulle nie miskien met die oë sou sien en met die ore hoor en met die hart verstaan en hulle bekeer en Ek hulle genees nie” (Matthéus 13:14-15).

Dit is jammer dat die meeste mense eerder tradisie sal aanhang, selfs al beteken dit dat die wil van God verwerp word! In sy hoogs gerespekteerde werk, *Caesar and Christ*, onthul geskiedskrywer Will Durant die korrupsie wat inherent is aan – wat omtrent almal verkeerdelik dink – die godsdiens van Christus is. Hy skryf: “Die Christendom het nie die heidendom vernietig nie; dit het dit aangeneem” (bl. 595). Hy noem dan 'n aantal heidense leerstellings wat ten volle in tradisionele Christendom ingesluit is, voordat hy die vanselfsprekende stelling maak: “Christelikheid is die laaste groot skepping van die antieke heidense wêreld” (bl. 595) en “Christelikheid het die laaste en grootste van die misterie-godsdiens geword” (bl. 600).

Stellings soos hierdie behoort enigeen wat God werklik wil dien te inspireer om te verander, maar in die meeste gevalle gebeur dit nie! Die Bybel vertel ons waarom.

Soos ek alreeds aangetoon het, is die meeste mense horende doof. Hulle hoor die

Vervolg op bladsy 27

Inhoudsopgawe

Voorblad

Persoonlik – Wat vier u?

Gerald E. Weston se persoonlike rubriek

Hoofartikel

Is ons 'n dankbare nasie? 3

Wanneer baie families in die Verenigde State voorberei om bymekaar te kom vir Dankseggingdag (Thanksgiving Day) behoort almal van ons die vraag te vra: Is ons 'n dankbare nasie?

Europa se finale herlewing 8

Waarom Kersfees? 10

Vir baie mense is dit die wonderlikste tyd van die jaar. Hoeveel mense vier nogtans Kersfees sonder om regtig te verstaan waarom hulle dit doen? Dit is tyd om uit te vind.

Die Klop: Behoort u bekommerd te wees? 15

Sodat ons nie vergeet nie 16

Byna meer as 'n eeu het verstryk sedert die beëindiging van die Eerste Wêreldoorlog. Soos tyd verbygaan, vervaag die mensdom se herinneringe aan die “oorlog om alle oorloë te beëindig”. Watter lesse moet ons leer?

Dit is Londen wat roep Die absolute offer! 21

Gereeld

Vrae en Antwoorde 23

Die werke van Sy Hande 24

Besoek ons webwerf by:

www.wvm.co.za

of vir Engelse literatuur:

www.tomorrowworld.org

Wêreld van Môre

Hoofredakteur

Gerald E. Weston

Redaksionele Direkteur

Richard F. Ames

Kuns Redakteur

John Robinson

Besturende Redakteur

Wallace Smith

Streksredakteurs

Robert Tyler (Australasië)

Stuart Wachowicz (Kanada)

Adam West (Europa)

Besigheidsbestuurder

Dexter B. Wakefield

Streekskantore

VERENIGDE STATE:

P.O. Box 3810

Charlotte, NC 28227-8010

Tel: (704) 844-1970

Faks: (704) 841-2244

www.tomorrowworld.org

AUSTRALASIË:

PO Box 300

Claredon, SA 5157

Tel: (61) 8 8383 6288

Faks: (61) 8 8127 9667

KANADA:

P.O. Box 409

Mississauga, ON L5M 0P6

Tel: (905) 814-1094

Faks: (905) 814-7659

NIEU-SEELAND:

P.O. Box 2767

Auckland 1140, New Zealand

Tel/Faks: (09) 268 8985

VERENIGDE KONINKRYK:

BM PO Box 2345

London, WC1N 3XX

Tel/Faks: 44 (0) 844-800-9322

SUID-AFRIKA:

Privaatsak X 3016

Harrismith, FS 9880

Tel: 058 622 1424

Faks: 058 623 1303

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God

Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die *Ou Vertaling* (1933), tensy anders aangedui (*NV, Nuwe Vertaling*, 1983).

Is ons 'n dankbare nasie?

Deur Richard F. Ames

Is u nasie dankbaar vir die seëninge wat God voorsien het? Besef hulle daardie seëninge kom van God – net soos 'n nasionale doel? Belangriker nog, besef ú hierdie dinge? Die Woord van God maak dit duidelik dat dit nodig is om dankbaar te wees!

In die VSA kom miljoene mense met hulle gesinne en vriende op Dankseggingsdag (*Thanksgiving Day*) bymekaar om goeie kos, samesyn en die seëninge wat dit bied om te leef in 'n vooruitstrewende nasie, te geniet. Amerikaners geniet die seëninge van vryheid en die beskikbaarheid van geleentehede. Dank hulle God egter vir hulle seëninge? Verstaan hulle hoekom hulle nasie so geseënd is? Verstaan veral diegene wat in die VSA bly en ander nasies van Britse afkoms, wáárom hulle seëninge ontvang het wat ongeëwenaard is in die geskiedenis van die mensdom?

Of dit nou op die vierde Donderdag van November, soos in die VSA gevier word, op die tweede Maandag van Oktober soos in Kanada óf op een van die vele ander dae wat deur verskillende lande van die wêreld uitgesonder word, is 'n nasionale dag van danksegging 'n tyd wanneer mense hulle seëninge behoort te tel. Die burgers van sommige van hierdie nasies het *ongekende* seëninge ontvang. In die 20ste eeu het die VSA en Britse Gemenebes die rykste en magtigste nasie en groep nasies in die wêreld geword. Daardie nasionale mag en aansien het

egter baie afgeneem. Die VSA was eens 'n ekonomiese kragreus en nasies regoor die wêreld het sy uitvoere gretig aangekoop en sy geld geleen. Vandag is Amerika egter die wêreld se grootste *skuldenaar*, met 'n staatskuld van meer as \$21 triljoen wat steeds toeneem – meer as \$65,000 vir elke Amerikaanse man, vrou en kind.

Hoe het die VSA en ander Engelssprekende nasies soveel seëninge verkry? Hou die ontwikkeling van die Noord-Amerikaanse vasteland in gedagte. Daar was in 1607 die baanbreker nedersettings deur die Britte in Jamestown, Virginia; die Nederlanders, het wat nou bekend staan as Albany, N.Y., in ongeveer 1614 gestig; en die pelgrims het in 1620 in Plymouth, Massachusetts aangekom. Ná 'n strawwe en ramspoedige winter het hulle in 1621 God gedank vir hulle oes, wat historici bestempel as die eerste Dankseggingsdag!

In die loop van slegs 70 jaar – van 1783 tot 1853 – het die jong nasie genoeg grond verkry om sy kontinentale gebied uit te brei “van see tot glansende see”. Die grootste landuitbreiding het in 1803 onder president Thomas Jefferson plaasgevind nadat Frankryk die gebied van

Louisiana aan die VSA verkoop het vir slegs \$15 miljoen – net vyf sent per akker! Die Franse keiser Napoleon het na bewering gesê: “Die verkryging van hierdie grondgebied bevestig vir ewig die mag van die Verenigde State”.

Die VSA het deur die jare op ekonomiese en militêre gebied ontwikkel. Tydens sy toespraak in die Laerhuis, na afloop van die Tweede Wêreldoorlog, het die Britse Premier, Winston Churchill, kommentaar gelewer op die status van die VSA: “Ek moet my na die Verenigde State wend, met wie ons voorspoed en belange inmekaar verweef is ... Die Amerikaners ... het nou die grootste staat en moondheid in die wêreld geword, hulle praat ons eie taal, koester ons gemene reg en volg ... dieselfde idees” (28 Oktober 1947).

Die ware Bron van Amerika se seëninge!

Is daar 'n Bybelse en historiese rede vir hierdie mag? Wat is werklik die bron van hierdie nasionale seëninge? Die antwoord word deur ons nasionale doel geopenbaar! U mag verbaas wees om te hoor dat die antwoord met die geskiedenis van die patriarg Abraham begin. God het 'n

verbond met Abraham gesluit en dit is as gevolg van Abraham se geloof dat ons geseënd is.

God het Abraham getoets deur hom opdrag te gee om sy seun Isak te offer. Abraham het in geloof gehoorsaam en God het Isak se lewe gespaar! Wat het God gevolglik vir Abraham gesê? “Ek sweer by Myself, spreek die HERE, omdat jy dit gedoen het en jou seun, jou enigste, nie teruggehou het nie, dat Ek jou ryklik sal seën en jou nageslag grootliks sal vermeerder soos die sterre van die hemel en soos die sand wat aan die seestrand is; en jou nageslag sal die poort van sy vyande in besit neem. En in jou nageslag sal al die nasies van die aarde geseën word, omdat jy na my stem geluister het” (Génesis 22:16-18).

Let daarop dat Abraham se afstammeling die “poort van sy vyande” sou beheer. Deur die loop van die 20ste eeu het Amerika en Brittanje die meeste van die wêreld se seepoorte beheer. As gevolg van ons nasionale sondes het God egter begin om hierdie beheer weg te neem.

Wat het daardie ou verbond vandag met ons te doen? God het Sy verbond met Abraham se seun, Isak en later met Isak se seun, Jakob, wie se naam na Israel verander is, hernu. Israel het twaalf seuns gehad. Twee van die twaalf was Juda en Josef. Josef het twee seuns gehad, Efraim en Manasse.

Die Skrif vertel ons dat Jakob hierdie seën aan sy kleinseuns Efraim en Manasse

oorgedra het: “... die Engel wat my uit elke teëspoed verlos het – mag Hy die seuns seën, en mag deur hulle [Efraim en Manasse] my naam [Israel] genoem word en die naam van my vaders Abraham en Isak, en mag hulle vermeerder in die land in menigte” (Génesis 48:16).

Hierdie seëninge word die *eersgeboortereg-beloftes* genoem. Hierdie profetiese beloftes, wat rykdom, oorvloed, militêre mag en internasionale oorheersing insluit, sou in die nageslag van Josef vervul word. Dit mag vir baie van u verrassend wees, maar die goddelike seëninge wat aan Manasse en Efraim gegee is, is vervul in die VSA en nasies van Britse afkoms. Lesers wat hierdie tydskrif reeds lank ontvang, is reeds met hierdie wonderlike Bybelse waarheid vertrou. Indien u nog nie hierdie waarheid aan uself bewys het nie, skryf asseblief aan ons om 'n gratis kopie van ons insiggewende boekie, *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?* te ontvang of lees dit aanlyn by wvm.co.za.

'n Land van natuurskoon en oorvloed

Hou Amerika se seëninge met hierdie belofte aan antieke Israel in gedagte: “Want die HERE jou God bring jou in 'n goeie land, 'n land van waterstrome, fonteine en onderaardse riviere wat in die laagtes en op die berge uitkom; 'n land van koring en gars en wingerdstokke en vyebome en granate; 'n land van olieryke olyfbome en heuning; 'n land

waarin jy brood sonder skaarste sal eet, waarin niks jou sal ontbreek nie; 'n land waarvan die klippe yster is, en uit die berge waarvan jy koper sal uitkap” (Deuteronómium 8:7-9).

Amerika se nasionale erfenis sluit in natuurskoon, vrugbare landbougrond en ryk mineraal-neerslae vir industriële ontwikkeling. Het die burgers van die Verenigde State egter erkenning en eer gegee aan die bron van daardie seëninge? Sal ons Westerse nasies nog baie langer voortduur? Dink aan God se waarskuwing: “... en jy sal eet en versadig word en die HERE jou God loof oor die goeie land wat Hy jou gegee het. Neem jou in ag dat jy die HERE jou God nie vergeet deur sy geboorte en sy verordeninge en sy insettinge wat ek jou vandag beveel, nie te hou nie” (Deuteronómium 8:10-11).

Het ons op daardie waarskuwing, individueel en nasionaal, ag geslaan? Soos wat president Abraham Lincoln erken het, bring nasionale sondes nasionale strawwe mee. Met die afkondiging van 'n Nasionale Dag van Verootmoediging op 30 April 1863 het Lincoln gesê: “Dit is die plig van nasies sowel as van individue om hulle afhanklikheid aan die oorheersende mag van God toe te skryf ... en om die verhewe waarheid te erken, soos aangekondig in die Heilige Skrifte en bewys deur die hele geskiedenis, dat net daardie nasies geseën word wie se God die Here is”.

Lincoln het erken dat God

die ware bron van nasionale en individuele seëninge is. **Die nasionale doel van die Verenigde State moet die erkenning van sy Skepper en Weldoener insluit!** Erken u nasie die soewereiniteit van God? Of is ons so wêrelds en ondankbaar dat hulle hul rug op God gedraai het? Dank u persoonlik ons Almagtige God vir al die voordele wat ons so dikwels as vanselfsprekend aanvaar? Slaan ag op wat die apostel Jakobus geskryf het: “Elke goeie gif en elke volmaakte gawe daal van bo af neer, van die Vader van die ligte, by wie daar geen verandering of skaduwee van omkering is nie” (Jakobus 1:17). Alle waarlik goeie dinge wat u ookal in die lewe geniet, kom van God, die gewer van elke goeie en volmaakte gawe. Abraham Lincoln het die Amerikaanse volk daaraan herinner om daardie feit as 'n nasie te erken!

Die noodsaaklikheid van 'n nasionale doel

Wat gebeur wanneer 'n land sonder 'n nasionale doel is? Die destydse Amerikaanse senator, John McCain, het gereeld oor nasionale doel gepraat. Terwyl hy sy nasionale konvensie in 2000 toegesprek het, het hy gewaarsku: “Tensy ons die soewereiniteit van die volk oor die regering herstel, ons trots in die staatsdiens hernu, ons openbare instellings hervorm om die uitdagings van elke nuwe dag die hoof te bied en ons **nasionale doel** laat herlewe, sal Amerika se beste dae agter die

rug wees”.

Sewe-en-vyftig jaar gelede het Senator James Fulbright opgemerk dat Amerika sy koers kwyt is. Hy het gewaarsku: “Groter motors, groter parkeerterreine, groter korporatiewe strukture, groter plase, groter apteke, groter supermarkte, groter fliexskerms. Die tasbare en funksionele brei uit, terwyl die ontasbare en dit wat mooi is, afneem. Die **nasionale doel** word toegelaat om te kwyn ... Nasionale dialoog raak geleidelik verlore in waardelose misleidende self-tevredenheid en niksseggende opmerkings. Nasionale behoeftes en belange word stadig verswelg deur 'n nasionale behepthed met die onbenullige”.

Alle Amerikaners behoort hulleself af te vra: Het ons ons nasionale doel versterk of herstel of het ons toegelaat dat dit weggwyn? Het ons 'n doel groter as onself? Indien wel, verstaan ons wat daardie doel is? Is dit hulle nasionale doel om die wêreld se magtigste en voorspoedigste nasie te wees? Ons weet reeds dat die VSA die nasie in die wêreld is met die *grootste skuldias*. Is dit ons nasionale doel om vryheid en demokrasie uit te brei na elke ander nasie op aarde? Dit is nodig om te verstaan dat alle nasies *ware vryheid* kan beleef wanneer hulle die Waarheid van die Bybel gehoorsaam. Jesus sê: “En julle sal die waarheid ken, en die *waarheid* sal julle vrymaak” (Johannes 8:32). Jesus het na die Skepper van alle nasies verwys toe Hy gebid

het: “U woord **is** die waarheid” (Johannes 17:17). Het ons ons lig laat skyn deur die Waarheid uit te leef? Dra ons ons deel by om die Waarheid aan die wêreld bekend te maak?

Word ons nasies se tyd in beslag geneem deur onbenullighede of erken ons die Bron van ons doel en van ons vele seëninge? Wanneer dié van ons en diegene in die VSA Danksegging vier, behoort ons te vra: “Aan wie betuig ons dank?” Aan die Almagtige God en Jesus Christus? Of aanbid ons die dollar – of die pond, die euro, die peso, die jen of die rand? Amerikaanse muntstukke en geldeenhede verklaar: “In God We Trust”. Indien hierdie nasie nalaat om daardie leuse gestand te doen, sal dit nie langer van krag wees nie. U en ek moet die leuse en Bybelse voorskrif *in ons eie lewens* uitleef!

Westerse nasies is bekend vir hulle materialisme en fokus op geld terwyl verbruikersbesteding ons ekonomieë vorentoe dryf. Die apostel Paulus het voorspel dat hierdie karaktertrekke en ander tekens wat ons sal herken, opvallend sal wees aan die einde van hierdie huidige tydperk: “Want die mense sal liefhebbers van hulleself wees, geldgieriges, grootpratere, trotsaards, lasteraars, ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar, onheilig, sonder natuurlike liefde, onversoenlik, kwaadsprekers, bandeloos, wreed, sonder liefde vir die goeie, verraaiers, roekeloos, verwaand, meer liefhebbers van

genot as liefhebbers van God; mense wat 'n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het. Keer jou ook van hierdie mense af" (2 Timótheüs 3:2-5).

Enige godvresende beskawing behoort opregte lewenswaardes te bevorder – nie vals waardes van materialisme, hoogmoedigheid en selftevredenheid nie. Hierdie kulturele gebreke, asook ondankbaarheid, sal enige samelewing uiteindelik vernietig wat versuim om dit te oorwin.

God waarsku ons om nie op ons voorspoed en besittings te vertrou nie. In plaas daarvan om te dink dat ons welvaart deur ons eie pogings verkry is, behoort ons te verstaan dat dit God is wat ons die vermoë gee om rykdom te verwerf (Deuteronómium 8:17-18). Hy waarsku ons: "Maar as jy nogtans die HERE jou God vergeet en agter ander gode aan loop en hulle dien en voor hulle neerbuig, dan verseker ek julle vandag dat julle sekerlik sal omkom; soos die nasies wat die HERE voor julle vernietig, so sal julle omkom, omdat julle na die stem van die HERE julle God nie geluister het nie" (verse 19-20).

Dit is 'n ontnugterende waarskuwing aangaande die toekoms van enige land wat deur God geseën is. Tydens Danksegging word God gedank vir die natuurskoon en oorvloed waarmee Hy ons nasies geseën het. Terselfdertyd behoort ons bekommerd te wees omdat ons nasionale karakter al hoe meer met onsedelikheid besmet raak.

Gaan Westerse nasies aanhou om nie die Tien Gebooue te gehoorsaam nie en om die Bybelse waarhede te *verwerp* wat eenmaal tot ons voorspoed gelei het en wat tot *ware* lewe, vryheid en geluk lei?

Is ons regtig dankbaar?

Die meeste van diegene wat hierdie jaar 'n Dankseggingdag vier, sal van die mees materieel geseënde mense op aarde wees. Selfs die armste Amerikaners en Kanadese geniet 'n sekere mate van oorvloed, gemak en gerief wat menige bevolkings van die wêreld hulleself nie eens kan indink nie. Nogtans vind ons steeds baie om oor te kla.

Wat is die teenmiddel vir so 'n gekla? Die teenmiddel daarvan is danksegging! Is u dankbaar dat u in 'n betreklik welvarende nasie woon? Dat u die vryheid het om ooreenkomstig u eie oortuiging te aanbid? Dat u baie geleenthede het om in opleiding en menslike potensiaal te ontwikkel? Dat u familie en vriende het en dalk 'n goeie werk? Ons behoort selfs dankbaar te wees vir die sonskyn en vars lug om ons en vir die kos en drinkgoed wat ons kangeniet.

Vir Christene is die grootste voordele egter geestelik! Ons dank God dat Hy Sy Seun as offer gegee het om vir ons sondes te betaal. Ons is dankbaar vir God se vergifnis en genade. Onthou, Jesus het ons geleer om te bid: "... vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe"

(Matthéüs 6:12). Ons is dankbaar vir die gawe van die Heilige Gees ná bekering en doop (Handelinge 2:38). Ons is dankbaar, nie net vir die offer van Christus nie, maar dat Hy lewe as ons Hoëpriester, Verlosser en Tussenganger! "... omdat Hy altyd leef om vir hulle in te tree" (Hebreërs 7:25). Ons is dankbaar dat Jesus Christus lewendig is! Let op hierdie wonderlike waarheid: "Want as ons, terwyl ons nog vyande was, met God versoen is deur die dood van sy Seun, veel meer sal ons deur sy lewe gered word nou dat ons versoen is" (Romeine 5:10). Hy is ons lewende Verlosser en groot Hoëpriester, soos die boek Hebreërs beklemtoon! Hy sal kom as die Koning van die konings en Here van die here!

Vandag se Christene is ook dankbaar vir die belofte van 'n toekoms. Ons is dankbaar vir die ware Evangelie – die boodskap wat Jesus verkondig het oor die toekomstige Koninkryk van God op aarde, wanneer alle nasies die weg van vrede sal leer. Ons weet dat die wêreld nie sal eindig in 'n kernuitwissing of deur 'n biologiese pandemie vernietig sal word nie – omdat Jesus Christus belowe het dat Hy ter wille van die uitverkorenes nét betyds sal terugkeer om te verhoed dat ons onself vernietig (Matthéüs 24:22)!

Die wêreld het die Koninkryk van God op aarde **nodig**. Besef u hoe geseënd u is in vergelyking met baie lande regoor die wêreld? Die Verenigde Nasies se Ontwikkelingsprogram be-

raam dat daar tans meer as 800 miljoen mense is wat op minder as VS \$1,25 per dag leef. Kan u u voorstel hoe dit is om in sulke armoede te leef? Hoe dankbaar is u? Soos Jesus gesê het: “En elkeen aan wie veel gegee is, van hom sal veel gevorder word” (Lukas 12:48)! Ons moet getroue rentmeesters van ons seëninge wees en ons moet gewillig wees om op nasionale en individuele vlak aan ander te gee. Dit is veral nodig dat ons die **goeie nuus van die Evangelie** aan die res van die wêreld oordra! Ons **nasionale doel** behoort te wees om God se lewenswyse uit te leef en om daardie lewenswyse met die res van die wêreld te deel! God se weë behoort ons land se weë te wees. Let op hierdie woorde van Moses: “Ky, ek het julle insettinge en verordeninge geleer soos die HERE my God my beveel het, om so te handel in die land waarheen julle gaan om dit in besit te neem. Onderhou dit dan en doen dit; want dit is julle wysheid en julle verstand voor die oë van die volke wat al hierdie insettinge sal hoor en sê: Waarlik, hierdie groot nasie is 'n wyse en verstandige volk” (Deuteronomium 4:5-6).

Ja, God sal daardie nasies seën wat erken dat dit hulle nasionale doel is om in goddelike karakter toe te neem – as voorbeelde van Bybelse

waardes wat die lig laat skyn in 'n donker wêreld, om volgens God se Tien Gebooe en in Sy insettinge en verordeninge te leef asook om die goeie nuus te verkondig van God se toekomstige Koninkryk, wat deur die Koning van die konings, Jesus Christus regeer sal word!

Sal ons ons nasionale doel as dankbare volk vervul? Wanneer Amerika Danksegging vier, behoort ons te onthou dat enige ondankbare volk wat weier om homself aan sy Skepper te onderwerp, die saad van sy eie vernietiging saai. God is egter geduldig! Hy gee aan ons 'n bietjie meer tyd om ons lewens individueel en nasionaal te verander. God “wil nie hê dat sommige moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom” (2 Petrus 3:9).

Ja, daar is goeie nuus vir die toekoms. Die meeste mense wat Dankseggingdag vier, weet nie dat die Bybel van 'n toekomstige tyd praat wanneer die hele wêreld 'n soort Bybelse danksegging sal vier wat die Huttefees genoem word nie. Alle nasies sal na Jerusalem optrek om die Huttefees te vier onder die Koning van die konings en Here van die here, Jesus Christus! Die Skrif beskryf 'n toekomstige wêreld van vrede onder die heerskappy van die Messias – 'n wêreld wat Hy sal begin vestig wanneer Hy

terugkeer na Jerusalem, die toekomstige wêreldhoofstad. “En in dié dag sal Sy voete staan op die Olyfberg wat voor Jerusalem lê, aan die oostekant” (Sagaria 14:4). Wie sal op die aarde regeer ná Jesus se Wederkoms? “En die HERE sal koning wees oor die hele aarde; in dié dag sal die HERE een wees, en sy Naam een” (vers 9).

Ja, die Messias, Jesus Christus, sal al die nasies onder Sy heerskappy verenig. Hy sal verteenwoordigers van al die nasies van die wêreld na Jerusalem bring om tydens die jaarlikse Huttefees te aanbid. Daar kom 'n tyd wanneer alle nasies die Koning van die konings sal aanbid met danksegging (vers 16). Tot dán, het God Sy Kerk opdrag gegee om met alle nasies 'n visie van die toekoms te deel en 'n beroep op alle nasies en volke te doen om hulle te bekeer (Handelinge 17:30).

Mag ons almal met danksegging gevul word – dankbaar vir God se wil en vir die liefde van God en Jesus Christus. Mag ons daarna streef om die Bron van al ons persoonlike en nasionale seëninge lief te hê, te gehoorsaam en te dien. Soos die apostel Paulus in 1 Korinthiërs 15:57 skryf: “Maar God sy dank, wat ons die oorwinning gee deur onse Here Jesus Christus.” **WvM**

Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige verandering in u posadres.

Keerpunte in wêreldgeskiedenis

Europa se finale herlewing

Deur Douglas Winnail

Baie mense voel aan dat 'n groot verandering in Europa aan die gang is – die legendariese landstreek waar die Griekse en Romeinse beskawings asook die Hervorming hulle oorsprong gehad het. Westerse waardes het in Europa versprei en die moderne wêreld verander. Alhoewel oorlog vir eeue lank 'n herhalende tema in Europa was, het min mense verwag dat die vonk wat in Augustus 1914 die vasteland aan die brand gestee het, twee wêreldoorloë tot gevolg sou hê wat die kontinent sou verwoes en miljoene mense regoor die wêreld gedood en verwond het.

Vandag is die vasteland die setel van die Europese Unie en is 'n moderne poging om twissieke nasies te verenig onder 'n regering wat grense ignoreer. Die groot “Europese Eksperiment” is egter in die moeilikheid en die dikwels strydlystige nasies op die vasteland dryf weereens uitmekaar. Europa is besig om te verbroekel, ou vyandighede steek weer kop uit en sommige Europese leiers oorweeg dit om 'n nuwe rigting in te slaan. Min mense verstaan die ware betekenis van wat besig is om in Europa te gebeur en waarheen hierdie ontwikkelings gaan lei. Gebeure in Europa is nogtans besig om nader te beweeg aan die vervulling van antieke Bybelprofesieë wat 'n *belangrike keerpunt* beskryf wat nét voor die Wederkoms van Jesus Christus sal plaasvind. Daardie

keerpunt sal die wêreld skok en verbaas – selfs meer as die gebeure in 1914!

'n Kwynende droom en herhaling van die geskiedenis

Om die huidige probleme in Europa te verstaan, is dit nodig dat ons na die verlede kyk. Die Romeine het Europa deur middel van wapengeweld verenig en het vir eeue lank vrede en voorspoed na groot dele van die vasteland gebring. Die basis van daardie eenheid was die verering van die keiser, die samesmelting van politiek en godsdiens, die bedreiging van binnelandse burgeroorlog en die verdediging teen buitelandse vyande. Keiser Augustus het “die idee van 'n goddelik bekrachtigde ryk met 'n goddelik bekrachtigde keiser as die middelpunt” daarvan bevorder (*The Dream of Rome*, Johnson, bl. 98). Alhoewel Rooms-Katolieke pouse die keiser se heidense titel van Pontifex Maximus (“Opperpriester”) vir hulleself toegeëien het, het Europa vandag geen eenvormige godsdienstige gebruike regoor die vasteland wat 'n politieke leier ondersteun nie. “Godsdienstige gom”, wat tans die volke kan saambind, ontbreek. Die moderne poging om Europa te verenig op grond van 'n gemeenskaplike ekonomiese beleid en geldeenheid (die euro) asook die doel om nog 'n oorlog in Europa te voorkom, blyk *onvoldoende te wees*.

Terwyl Duitsland grootliks

deur die algemene ekonomiese beleid bevoordeel is, het dit lande in Suidelike Europa verarm en verdeeldheid en wrewelrigheid onder Europese nasies veroorsaak. Die uitnodiging aan buitelandse geleentheidswerkers om arbeidstekorte in Europa aan te vul, het 'n toestroming van immigrante veroorsaak wat dreig om die nasionale kulture van Europese lande te oorweldig en het gelei tot 'n anti-immigrant-krisis en burgerlike onrus. Sommige mense het teruggedink aan die volke wat die antieke Romeinse Ryk oorval en tot sy uiteindelijke val gelei het. Vandag het die bedreiging van terroriste-aktiwiteite wat deur radikale, uitgeworpe Moslem-immigrante aangehits word, vrees oor die hele Europa veroorsaak. Dit het herinnerings van Islamitiese leërs wat Europa verskeie kere binnegeval het, teruggebring. Sommige mense vrees dat die geskiedenis hom sal herhaal.

Die huidige bedreiging van sosiale ontwrigting en ekonomiese onrus het die Europeërs en hulle leiers van stryk gebring. Die Britte se stem om die Europese Unie te verlaat, sowel as dreigemente deur onlangse Amerikaanse administrasies om hulle van Europa te distansieer en na Asië te wend asook om Europa (veral Duitsland) te dwing om self vir hulle verdediging te betaal, oefen druk uit op Europese leiers om hulle toekoms te

heroorweeg – *onafhanklik* van lankbestaande Britse en Amerikaanse bondgenootskappe. As gevolg hiervan het die president van die Europese Kommissie, Jean-Claude Juncker, 'n beroep gedoen op die nasies van Europa om hulle militêre hulpbronne te kombineer en 'n “Europese leër” op die been te bring (*The Times*, 9 Maart 2015) ten einde die grense en waardes van Europa teen buitelandse aanvallers te verdedig. Ander bronne berig dat “Duitsland daarna streef om 'n EU-weermag op die been te bring” en “beoog om stelling in te neem as die militêre leier van 'n *koalisie van EU-lande* wat nie langer bevele van NAVO sal aanvaar nie” (*RTUKNews*, 27 September 2016). Daar is ook kommer dat Amerikaanse besluite om die militêre beskermingsambreel oor Europa te verwyder, “die slapende reus van Duitse mag kan wakker maak” (*The Washington Post*, 10 November 2016). Soos een waarnemer opmerk, “regdeur Europa sien ons toenemende spanning binne asook tussen die nasies”. Terselfdertyd ervaar Europa 'n reeks ongekende probleme.

Die Duitse sosioloog, Ulrich Beck, lewer verreikende kommentaar met betrekking tot die moontlike gevolge van spanning wat besig is om op die vasteland op te laai. Hy wys daarop dat ons vandag “voortdurend in afwagting van onheil” is op plaaslike, nasionale en globale vlak, wat die wyse waarop mense en nasies dink en funksioneer, beïnvloed (*German Europe*, bl. 8). Hierdie verwagting van moontlike rampe kan geskiedkundige magte loslaat wat “die politieke

landskap in beroering mag bring” asook die “wettige opheffing van die bestaande orde van dinge ten einde die gemeenskaplike voordeel te verdedig” (bll. 26-27). Hy gaan voort, “opruierende toesprake met betrekking tot die naderende ineenstorting van Europa kan maklik tot die ontstaan van 'n *politieke monsterlei*”, aangesien hierdie “dreigende onheil geleenthede skep ... wat deur 'n man of selfs ook 'n vrou met die vermoë, om mag uit te oefen”, aangegryp kan word (bll. 45-46). Professor Beck wys ook daarop dat “die afwagting van onheil mense daartoe kan dryf om môre dinge te doen wat gister absoluut ondenkbaar was” (bl. 82). Albei hierdie ontleders is van mening dat Europa 'n belangrike keerpunt nader.

Hoe hou huidige gebeure met Bybelse profesie verband?

Profesieë neem gestalte aan

Die Bybel word vandag deur baie mense slegs beskou as 'n versameling van mites en stories wat nie meer van toepassing op ons moderne wêreld is nie. Die Bybel bevat egter bykans 2,000 spesifieke profesieë wat vervul is en tans besig is om vervul te word. Die Skrif verklaar dat net God die toekoms akkuraat kan voorspel en dit ten uitvoer kan bring (Jesaja 46:5, 8-11) en dat God die verloop van die geskiedenis lei (Job 12:23; Daniël 2:21; 4:17). Ongeveer 600 v.C. het die profeet Daniël opgeteken dat daar nêr voor die Wederkoms van Jesus Christus, 'n moondheid in Europa sal verrys wat verbind kan word met die antieke Romeinse Ryk (Daniël 2:31-44). Daniël beskryf 'n beeld met bene van yster (die

Romeinse Ryk) en voete van yster en klei wat deur 'n klip (die Koninkryk van God) getref sal word. In Daniël 7:23 word na hierdie eindtydse Europese moondheid verwys as 'n “dier” met ystertande en tien horings. In Daniël 11:40-45 word na hierdie Europese moondheid verwys as “die koning van die Noorde” wat tot militêre optrede uitgetart sal word deur 'n “koning van die Suide”, ('n Arabies-Moslem gestalte) en in die Midde-Ooste sal inbeweeg. Die Bybel verbind hierdie koning van die Noorde met Assirië – moderne Duitsland (sien Jesaja 10:5-11; vra ook ons gratis artikel, “Herrysende Duitsland: 'n Vierde Reich?” aan.

In Openbaring 17:3-5 het hierdie selfde “dier” sewe koppe en tien horings en word gery deur 'n prominente godsdiensstige organisasie wat beskryf word as die “moeder van hoere”. Die tien horings is tien konings (of leiers) wat hulle soewereiniteit vir 'n kort tydjie aan 'n politieke leier in Europa sal oorgee. Dit sal uitloop op 'n supermoondheid wat weereens politieke, militêre en godsdiensstige mag sal kombineer net soos Rome van ouds. Hierdie supermoondheid sal egter oorwin en vernietig word met die Wederkoms van Jesus Christus (Openbaring 17:12-14). Die dramatiese opkoms en val van die laaste herlewing van die Romeinse Ryk in Europa sal 'n belangrike keerpunt in die geskiedenis wees en sal elke nasie in die wêreld raak.

Vir meer besonderhede bestel gerus ons gratis boekie, *Die Dier van Openbaring: Mite, beeldspraak of werklikheid?*

WvM

Waarom Kersfees?

Deur Rod McNair

Moderne Amerika is ernstig verdeeld en dit lyk of daardie verdeeldheid by die dag groter word. U mag egter verbaas wees oor wát Amerikaners *wel* verenig. Ten spyte van 'n wye verskeidenheid menings oor byna alles, vier ten minste 90% van alle mense in die Verenigde State Kersfees volgens 'n studie in 2013 van die *Pew Research Center*. Nogtans, wanneer dit kom by die onderliggende redes vir die viering van Kersfees, is Amerikaners weereens verdeeld en vier net meer as die helfte van hulle dit vir godsdienstige redes en ongeveer een-derde vir kulturele redes, met min of geen “godsdienstige verband” nie.

Wat van u? Indien u Kersfees vier, hoekom?

Kersfees is waarlik uiters gewild en mense van baie nasies en kulture vier hierdie jaarlikse fees. Soos *History.com* sê, “Waarskynlik die gewildste vakansie in die wêreld, is ons moderne Kersfees 'n produk van honderde jare van beide sekulêre en godsdienstige tradisies van regoor die wêreld” (*“Christmas Traditions Worldwide”*).

Noorweë het die gebruik van die “*yule-log*” [kersstomp] gewild gemaak, terwyl Duitsland die tradisie van die versiering van 'n immergroen boom bygevoeg het. Die gebruik van Kerssang, wat bestaan uit groepies deelnemers wat van huis tot huis

gaan, het in Engeland ontstaan. Sentraal en Suid-Amerikaanse kulture plaas sterk klem op die geboorte van Christus en die sogenaamde geboorte-toneel. In Australië, waar Kersfees in die hitte van die somer plaasvind, vier mense gewoonlik die dag buite met stranduittappies en braaie. In die Filippyne is sneeuvlökkies 'n seldsame gesig, maar versierings met Kersvader en sy rendiere verskyn landswyd in winkel-sentrums.

Die bekoring van Kersfees is oor die wêreld versprei. Vir baie mense het dit een van die belangrikste gebeurtenisse van die jaar geword. Indien u Kersfees vier, wat beteken dit vir u? Die skrywer Desmond Morris beskryf dit soos volg:

Hoekom koop daardie vrou dáár genoeg kos om 'n militêre beleg die hoof te bied? Wat doen daardie man wat so stoei om 'n klein denne-boompie agter in sy motor te kry? Waarom gaan daardie paartjie al struikelend die straat af, al klouende aan 'n klomp pakkies? Wat op aarde is aan die gang? Die antwoord is natuurlik dat Kersfees aan die kom is ... Die mensdom is besig om voor te berei om sy groot mid-

winter fees te vier. **Daar is baie ander spesiale dae in die jaar ... maar daar is niks wat vergelyk kan word met die groot impak wat Kersdag het** (*Christmas Watching*, bl. 2, beklemtoning bygevoeg).

Baie inkopies word gedoen, lekkernye word gebak, versierings word gemaak en ornamente word opgehang – dit is egter net die begin! Hierdie jaarlikse viering raak feitlik almal en vul reeds lank voor die tyd talle harte met afwagting. Mnr. Morris wys daarop dat tydens Kerstyd ...

... alles verander. Werk word gestaak, groot besighede kom tot stilstand. Verkeersknoppe verdwyn. Mense eet anders, trek anders aan en versier hulle huise anders ... Daar word gesmul aan spesiale kosse terwyl spesiale drankies gedrink word. Geskenke word oopgemaak en speletjies word gespeel. Bowenal is daar 'n hele reeks spesiale rituele wat uitgevoer word – enigiets van soen onder die mistel en die hang van tierlantyntjies aan

die Kersboom tot die aansteek van die Kerspoeding en die trek van Kersfeesklappers (bl. 1).

Mense volg jaar vir jaar getrou dieselfde ritueel. Waarom dan? Wat is die doel van alles? Mnr. Morris sluit af:

Waarom gee ons onself oor aan al hierdie snaakse gebruike? Wat beteken dit alles en wat is die oorsprong van die vele, oënskynlik irrasionele gedrag wat ons elke jaar op 25 Desember en ook die dae daarvoor en daarna toon? **Alhoewel Kersfees amptelik die viering van die geboorte van Christus is, het bykans niks wat ons tydens die Kerstyd doen die geringste verband met die Christendom nie, wat nog te sê met die koms van die baba Jesus ...** Omdat dit veel meer as 'n eenvoudige godsdienstige fees is, bekoor Kersfees bykans almal. Dit word 'n nasionale gebeurtenis. Mense wat nog nooit in hulle hele volwasse lewe 'n kerk besoek het nie, neem nog steeds aan die Kersfees-seremonies deel sonder om dit te bevraagteken. **Gewoonlik het hulle geen idee waarom**

hulle dit doen nie (bl. 1-2, beklemtoning bygevoeg).

Mnr. Morris gee 'n merkwaardig eerlike opsomming van die sogenaamde “belangrikste gebeurtenis van die jaar” en lê die Kerstradisies as leeg en betekenisloos bloot. Is u gewillig om hierdie tradisies te ondersoek? Indien u die moed aan die dag lê om dit te doen, mag u moontlik geskok wees om te ontdek dat dit bevredigender is om die Spesiale Dae wat God eintlik vir ons beplan het, te vier.

Kersfees: 'n Eerbetoning aan Christus?

Baie mense vier Kersfees in 'n poging om eer en lojaliteit aan Christus te betoon. Hulle antwoord op die vraag, “Waarom Kersfees?” sou wees, “Wel, om Christus te aanbid”. Ja, ons behoort Christus te aanbid! Hy is ons Verlosser, die Kaptein van ons verlossing, die Een wat sal terugkeer om oor die wêreld te regeer as Koning van die konings en Here van die here. Ons behoort Hom te eer! Die vraag is hoe?

Jesus het toe hy by die Olyfberg gepraat het vir diegene in die skare gevra:

“En wat noem julle My: Here, Here! en doen nie wat Ek sê nie? Elkeen wat na My toe kom en na my woorde luister en dit doen – Ek sal julle wys soos wie hy is. Hy is soos 'n man wat 'n huis bou, wat gegrawe en

diep ingegaan en die fondament op die rots gelê het; en toe die vloedwater kom en die stroom teen daardie huis losbreek, kon hy dit nie beweeg nie, omdat sy fondament op die rots was” (Lukas 6:46-48).

Ons wil almal meer gemoedsrus hê. Almal hunker na bestendigheid, eerder as om te voel asof alles buite beheer is. Dink aan wat Jesus gesê het in verband met u lewe. Wanneer u probleme ondervind, wil u God se ondersteuning hê? Wil u vol vertrouwe wees dat, ongeag wat gebeur, God u sal help?

Ons leef in onseker tye. Ons wêreld raak gevaarliker en meer onvoorspelbaar terwyl baie mense met reg oor die toekoms bekommerd is. Profesie waarsku ons aangaande moeilike tye wat voorlê, maar soos Christus gesê het, kan diegene wat op die ware Rots bou, vertrouwe hê te midde van die storms van die lewe.

In teenstelling hiermee, let op wat gebeur wanneer ons *nie* op die rots van Christus bou nie: “Maar wie dit hoor en dit nie doen nie, is soos 'n man wat 'n huis sonder fondament op die grond bou, en die stroom het daarteen losgebreek en dit het dadelik geval, en die instorting van daardie huis was groot” (Lukas 6:49).

Waarop bou u u lewe se fondament; wat van u kinders? Help u hulle om hul lewe op 'n fondament te bou wat die komende storms sal kan weer-

staan?

Menige moderne Kers-tradisies draai om 'n denk-beeldige figuur wat kinders liefhet, wie teen bonatuurlike spoed op 'n mitiese slee vlieg, weet wie was “stout of soet” en wonderlike geskenke vir diegene wat gehoorsaam was bring. Dit is natuurlik Kersvader of *Santa Claus* soos die Engelse mense hom noem. Natuurlik weet almal dat *Santa* nie eg is nie ... of hoe?

Dink egter net vir 'n oomblik daaraan dat daar werklikwaar 'n Wese is wat kinders liefhet, teen bonatuurlike spoed kan reis en elke aksie en gedagte van ons ken! Hy weet regtig of ons soet of stout was en Hy beloon ons op grond van ons werke. Hierdie Wese is natuurlik Christus van die Bybel en ons kan maklik Skriftgedeeltes vind wat Sy natuur openbaar:

“Toe bring hulle kindertjies na Hom, dat Hy hulle die hande sou oplê en bid; en die dissipels het hulle bestraf. Maar Jesus sê: Laat die kindertjies staan en verhinder hulle nie om na My te kom nie; want aan sulkes behoort die koninkryk van die hemele. En Hy het hulle die hande opgelê en daarvandaan vertrek” (Matthéüs 19:13-15).

Elke jaar tydens Kerstyd vermom mans hulle soos Kersvader [*Santa*] en neem op die voorgrond plekke in by baie

van ons winkel- en inkopiesentrums. Opgewonde kinders wag in groot spanning vir hulle beurt om op Kersvader se skoot te sit en versoeke in sy oor te fluister. In God se geïnspireerde Woord word daar egter van iemand melding gemaak wat werklik en lewend is wat, toe Hy op aarde was, bewys het hoe baie Hy kindertjies liefhet en van hulle lewens en bekommernisse wil hoor. Selfs toe sy dissipels gedink het dat Hy te besig was, het hy vir kindertjies tyd gemaak. Hy het hulle opgetel, omhels, Sy hande op hulle koppies gelê om hulle te seën en vir hulle gebid. Dit is die Jesus Christus van die Bybel. **Wie is 'n groter werklikheid vir u kinders? Kersvader of Jesus Christus?**

Net nadat Hy opgewek is, het Christus 'n vlugtige blik op Sy mag openbaar:

“En toe dit aand was op daardie eerste dag van die week en die deure waar die dissipels vergader het uit vrees vir die Jode, gesluit was, het Jesus gekom en in hul midde gestaan en aan hulle gesê: Vrede vir julle! En nadat Hy dit gesê het, wys Hy hulle sy hande en sy sy. En die dissipels was bly toe hulle die Here sien” (Johannes 20:19-20).

Ons kultuur verheerlik egter stories van 'n magiese figuur wat op Kersaand geskenke bring voordat hy in die nag verdwyn. Jesus Christus het na Sy opstan-

ding werklik die mag besit om oral in 'n oogwink na enige plek te reis. Hy het selfs binne 'n oomblik in 'n kamer met geslote deure verskyn – iets wat duidelik bonatuurlik is!

Wanneer Jesus Christus weer kom, wys die Bybel ons dat Hy mense sal beloon volgens hulle werke: “En kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees. Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde, die eerste en die laaste” (Openbaring 22:12-13).

Jesus Christus weet wie “soet of stout was” en Hy sal elkeen volgens hulle werke beloon. Verlossing is 'n gratis geskenk van God aan diegene wat Hom in geloof en gehoorsaamheid soek, terwyl Christus *wel* ons doen en late sien. Hy sal ons diens aan Hom beloon, sowel as die liefdevolle, sorgsame welwillendheid waarmee ons na diegene rondom ons uitreik.

In die lig hiervan, wie behoort ons te eer en te aanbid? Dit is duidelik dat ons toewyding aan die Een behoort wat waarlik deur mure kan loop en met onbegryplike spoed dwarsoor die wêreld kan reis. Ons behoort inderdaad die Een wat elke gedagte en daad van ons ken, te vereer en te aanbid – die Een wat ons en ons kinders werklik liefhet en dit bewys het deur Sy lewe vir ons op te offer!

Nogtans word 'n ander figuur, 'n fiktiewe held, deur die algemene kultuur verheerlik wat die aandag aftrek van die Een wat dit werklik verdien. In sy

boek maak Desmond Morris later hierdie presiese punt:

Kersvader [*Santa Claus*] het sy ontstaan as Nicholas, 'n heilige biskop van die antieke kusstad van Myra, in wat nou Suidwes-Turkye is. Vanweë sy vrygewigheid en omdat hy geskenke uitdeel en klein kindertjies beskerm, het [Nicholas] 'n uiters gewilde heilige dwarsoor Europa geword (bl. 12).

Mnr Morris verduidelik dan hoe hierdie figuur deur die eeue heen verander en ontwikkel het om Kersvader – of te wel *Santa Claus* – van vandag te word:

Die naam Kersvader [is gekombineer] met die persoonlikheid van *Santa Claus*, om ons eie, uiters gewilde, Kersfiguur te skep. **Kersvader het** tot die ergernis van die vromer geestelikes, **uiteindelik gewilder as Jesus geraak by moderne kinders**. Dit het sekere elemente in die kerk woedend gemaak, maar hulle was magteloos om sy opgang tot die hoogtepunt van Kerstyd te keer. Kersvader, alias *Santa Claus*, was hier om te bly (bl. 13, beklemtoning bygevoeg).

Is Kersvader [*Santa Claus*] vir kinders 'n groter realiteit as Jesus Christus? Indien wel, is dit nie duidelik dat iets verskrikliks verkeerd is nie?

Almal van ons behoort die ware God beter te leer ken. Dit vereis dat ons die denkbeeldige bedrieërs wat Sy plek wil inneem, identifiseer en verwerp.

Kersfees: Heilsame gesins-tyd?

Tot dusver het hierdie artikel op diegene gefokus wat Kersfees vir godsdienstige redes vier, maar heelwat mense vier dit vir sekulêre, nie-godsdienstige doeleindes. Hulle sien dit as 'n geleentheid om tyd saam met familie en vriende deur te bring om sodoende welwillendheid en positiewe gevoelens te bewerkstellig. Dit *is* goed om tyd saam met diegene wat ons liefhet deur te bring. God het ons in gesinne geskep en die begeerte gegee om nouer gesinsbande met ander te ontwikkel. Selfs die eenvoudige geleentheid soos om saam 'n maaltyd te nuttig versterk bande tussen mense.

Behoort ons maaltye en byeenkomste dwarsdeur die jaar egter net daarop gefokus te wees om bymekaar te wees? Behoort daardie spesiale tye nie ook die Een wat ons in die eerste plek geskape het in te sluit nie? Dit is interessant om daarop te let dat selfs die woord "*holiday* [vakansie]" dui op 'n godsdienstige verlede en mens kan dit regtig nie van godsdiens skei nie. Die woord "*holiday*" is 'n kombinasie van twee woorde:

"*Holi*" of "*holy* [heilig]" en "*day* [dag]". Dit verwys na 'n tyd om met ons goddelike Skepper te kommunikeer.

Die vroeë Nuwe Testamentiese Kerk het saam brood gebreek [bymekaar gekom]. Watter Heilige Dae het hulle egter onderhou? Handeling 2 beskryf een van hulle naamlik Pinkster of die "Fees van Eerste-inge". Waarom het hulle hierdie Heilige Dag of "Fees" gevier? Dit is één van die dae wat God van Sy volk verlang het om as 'n verpligte samekoms te onderhou, sedert die tyd van Moses en die Exodus. Nog 'n fees, naamlik die Huttefees, is deur Jesus Christus self onderhou soos Johannes 7:10 aantoon.

Die Bybel bevat 'n boeiende beskrywing van die Huttefees. Dit word as 'n wonderlike tyd vir gesinne uitgebeeld, waartydens vaders, moeders, seuns, dogters en ander familieledede dit kan geniet om saam te wees:

"En jy moet voor die aangesig van die HERE jou God op die plek wat Hy sal uitkies om sy Naam daar te laat woon, die tiendes eet van jou koring, van jou mos en van jou olie en die eersgeborenes van jou beeste en van jou kleinvee, dat jy kan leer om die HERE jou God altyd te vrees ... dan moet jy die geld gee vir alles wat jou siel begeer, vir beeste en kleinvee en wyn en sterk drank en vir alles wat jou siel

van jou begeer, en jy moet daar eet voor die aangesig van die HERE jou God en vrolik wees, jy en jou huis” (Deuteronomium 14:23, 26).

Wie sal nie 'n ete met heerlike biefstuk en geroosterde lamsvleis, versier met smaaklike vrugte en groente geniet nie, dalk terwyl ons 'n glasie wyn drink wat afkomstig is van mens se eie wingerd? Stel u voor hoe verskeie geslagte saam om 'n tafel kuier, al laggende terwyl vrolik stories vertel word en 'n goeiehartige geskerts en geterg tussen mekaar aan die orde van die dag is en almal elke oomblik daarvan terdeë geniet! Dit is die prentjie, heeltemal binne die konteks van hoe ons leer om die Skepper-God lief te hê en te dien.

Die Huttefees het nie net gesinne bymekaar gebring nie, maar ook die hele gemeenskap betrek. Dit het diegene ingesluit wat andersins uitgesluit of alleen sou wees, “die vreemdeling en die weduwee wat in jou poorte is, en hulle moet eet en versadig word, sodat die

HERE jou God jou kan seën in al die werk van jou hand wat jy doen” (Deuteronomium 14:29)

Wat 'n vreugdevolle gebeurtenis, om herinneringe te skep wat 'n leeftyd sal hou! Wie sal nie daaraan wou deelneem nie? Die Bybel openbaar in Sagaria 14:16 dat die hele mensdom hierdie selfde Huttefees gedurende die duisendjarige Regering van Christus sal vier!

Jesus Christus is ons Verlosser. Hy het vrywillig na die aarde gekom. Hy het vir ons geleef en gesterf om ons van ons sondes te verlos. Hy kom weer as Koning van die konings en Here van die here. Om Hom te vereer is goed, eintlik noodsaaklik. Ons moet egter die Koning op die wyse vereer soos wat die Koning ons vertel om Hom te vereer. Christus het die godsdienstige leiers van Sy tyd wat baie tradisies nagevolg het, maar nie die ware God erken het nie, ernstig berispe: “En Hy sê vir hulle: Julle verstaan dit goed om die gebod van God opsy te sit en so julle oorlewering te onderhou ... So maak julle dan die woord van God kragteloos deur julle

oorlewering wat julle bewaar het; en dergelike dinge van dieselfde aard doen julle baie” (Markus 7:9, 13).

God vertel ons in Jeremia 10:2-3: “Maak julle nie gewend aan die weg van die heidene nie, en skrik nie vir die tekens van die hemel, omdat die heidene daarvoor skrik nie. Want die insettinge van die volke is nietigheid ...” Dit is God se opdrag. Verder sê Deuteronomium 12:30-31 aan ons: “... neem jou dan in ag ... dat jy nie na hulle gode vra en sê nie: Hoe het hierdie nasies hulle gode gedien? – dat ek ook so kan doen. So mag jy nie handel met die HERE jou God nie ...”

Wanneer ons gebruik “godsdienstig is, maar nie Bybels nie”, is ons nie dalk besig om iets mis te kyk nie? Indien dit wat ons vier slegs wêrelds is en nie die God eer wat aan ons lewe en asem gegee het nie, is dit nie per slot van sake leeg en betekenisloos nie?

Nou is dit die tyd om uself af te vra: Waarom Kersfees? U mag verbaas wees wanneer u uitvind wat die waarheid is. **WVW**

Die Wêreld van Môre: Hoe sal dit daar uitsien?

*God se Regering sal binnekort na hierdie aarde kom! Hoe sal dit u raak?
Wat is die ware toekoms waarop u uself behoort voor te brei?*

Skryf in of skakel ons vandag nog om u eie kopie van hierdie uiters noodsaaklike boekie te bekom!

Die klop

Behoort u bekommerd te wees?

Deur J. Davy Crockett III

Het u al ooit wakker geskrik as gevolg van 'n onverwagte, dringende geklop aan u deur? U hart klop onmiddellik vinniger en u reageer baie haastig. Indien dit al met u gebeur het, hoop ek dit was 'n onbelangrike gebeurtenis wat u in die verbygaan kon hanteer. In hierdie era van toenemende misdaad, met inbegrip van huisinbrake wat aan die orde van die dag is, floreer die sekuriteitsbedryf met die installasie van alarmstelsels namate mense poog om hulleself en hulle eiendom te beskerm. Gesofistikeerde stelsels is nou beskikbaar om u bewus te maak daarvan dat iemand by u deur is, selfs wanneer u nie tuis is nie.

Selfs die Bybel spreek hierdie onderwerp aan. Jesus het dit byvoorbeeld so gestel: “Wanneer 'n sterk man wat goed gewapend is, sy huis bewaak, is sy besittings in veiligheid” (Lukas 11:21). Salomo het hierdie raad gegee: “As 'n skrandere die onheil sien, verberg hy hom; *maar* die eenvoudiges gaan verder, word gestraf” (Spreuke 27:12).

Die meeste mense is bewus daarvan dat hulle blootgestel is aan fisiese verlies en probeer om skade of beserings te voorkom of om daarvoor voorsiening te maak deur versekeringsdekking. 'n Verskeidenheid versekeringspakkette en waarborge is beskikbaar om hierdie doel te bereik.

Geestelike dringendheid

Terwyl ons fisiese veiligheid en finansiële sekuriteit as belangrik ag, wat van geestelike sake soos ons waardes, sedes en verhouding met God? Onder die druk van besige, bedrywige lewens, ignoreer ons hierdie lewens-

belangrike dimensie heeltemal of dit is baie laag op ons prioriteitslys. Dit is nie 'n nuwe verskynsel nie. Jesus vra ons in Matthéüs 16:26: “Want wat baat dit 'n mens as hy die hele wêreld win, maar aan sy siel skade ly? Of wat sal 'n mens gee as losprys vir sy siel?” Hy het gewaarsku: “... iemand se lewe bestaan nie uit die oorfloed van sy besittings nie” (Lukas 12:15).

In die besigheidswêreld, in die raadsale en ons akademiese instellings, blyk dit dat kennis of die bespreking van die God van die Bybel en Jesus Christus as die Messias, verbode is. Heelwat mense van die nuusmedia, vermaaklikheids- en besigheidswêreld minag enige verwysing na die Skepper.

Uitsonderings bestaan natuurlik, maar hulle is min en onvoldoende. Die hoofstroom Christendom het begin om dieselfde-geslag huwelike, “biseksuele” geslagsidentifikasies en verwante konsepte as moreel aanvaarbaar te beskou. Daardeur word die direkte Bybelse verbod daarvan verwerp. Aanklagte van seksuele mishandeling en die skokkende erkenning van misdrywe teister bekende godsdiens-tige denominasies.

Daar is 'n toenemende kommer omdat mense raaksien dat hulle lewens en kultuur nadelig deur afwykende en losbandige aktiwiteite rondom hulle geraak word. “Wat staan ons te doen?” Dit is 'n toepaslike vraag op hierdie tyd in die geskiedenis. Die antwoorde word gevind in 'n boek wat waarskynlik op 'n boekrak in hulle huise is. Die profeet Jesaja het dit baie duidelik gemaak; “Soek die HERE terwyl Hy nog te vinde is; roep Hom aan

terwyl Hy naby is. Laat die goddelose sy weg verlaat en die kwaaddoener sy gedagtes; en laat hy hom tot die HERE bekeer, dan sal Hy hom barmhartig wees; en tot onse God, want Hy vergeef menigvuldiglik” (Jesaja 55:6-7).

Jesus het in Sy hantering van die godsdiens-tige instelling van Sy tyd, sonder huiwering vir Jesaja aangehaal: “Met die gehoor sal julle hoor en glad nie verstaan nie, en julle sal kyk en kyk, en glad nie sien nie. Want die hart van hierdie volk het stomp geword, en met die ore het hulle beswaarlik gehoor; en hul oë het hulle toegesluit, sodat hulle nie miskien met die oë sou sien en met die ore hoor en met die hart verstaan en hulle bekeer en Ek hulle genees nie” (Matthéüs 13:14-15).

Die *Wêreld van Môre* praat van en verduidelik gereeld die Bybel se ewige waarhede op televisie, oor die Internet en in publikasies. Indien u oor hierdie belangrike onderwerpe lees en dit verstaan, is God moontlik besig om u verstand te open – soos net Hy kan. Die lees en begrip van hierdie waarhede gaan gepaard met 'n verantwoordelikheid.

Die boek Openbaring plaas 'n skerp fokus op die woorde van Jesus: “Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My. Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om saam met My te sit op my troon, soos Ek ook oorwin het en saam met my Vader op sy troon gaan sit het. Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê” (Openbaring 3:20-22).

Hoor u die klop? **WvM**

Sodat ons nie vergeet nie

Roep die lesse van die Eerste Wêreldoorlog in herinnering

Deur Gerald E. Weston

*In Flanders fields the poppies blow
Between the crosses, row on row,
That mark our place; and in the sky
The larks, still bravely singing, fly
Scarce heard amid the guns below.
We are the Dead. Short days ago
We lived, felt dawn, saw sunset glow,
Loved and were loved, and now we lie
In Flanders fields.
Take up our quarrel with the foe:
To you from failing hands we throw
The torch; be yours to hold it high.
If ye break faith with us who die
We shall not sleep, though poppies grow
In Flanders fields.
—John McCrae*

Wanneer u deur Ottawa in Ontario, geleë in die suide van Kanada, op die 416-snelweg ry, mag u advertensieborde in Engels en Frans opmerk wat 'n eenvoudige boodskap bevat: “*Lest We Forget* [Sodat ons nie vergeet nie]”. Hierdie snelweg is 'n gedenkteken aan die oorlogsveterane en die opofferings van so baie mense wat hulle lewens opgeoffer het sodat ons vryheid kan geniet. In die boonste regterkantste hoek van elke advertensiebord is 'n rooi papawer – die blom wat 'n simbool van opoffering tydens die Eerste Wêreldoorlog geword het – hoofsaaklik as gevolg van die gedig, “*In Flanders Fields*” deur die Kanadese chirurg John McCrae.

Op 11 November 2018 was die 100ste herdenking van die

afsluiting van die Eerste Wêreldoorlog. Dit was op die 11de uur van die 11de dag van die 11de maand in 1918 dat die “oorlog om alle oorloë tot 'n einde te bring”, amptelik beëindig is. Beramings van die aantal mense wat in die oorlog gedood en gewond is, wissel baie, maar dit wil voorkom asof daar tussen 15 en 20 miljoen mense gesterf het terwyl nog 20 miljoen in daardie verwoestende konflik gewond is. Jong mans van elke bewoonde vasteland het hulle bloed in 'n slagting wat meer as vier jaar geduur het, gestort.

Die borde langs die 416-snelweg herinner ons daaraan om nie te vergeet nie en stel ook 'n ernstige vraag: Wat is ons veronderstel om te onthou? Tien mense kan tien effens verskil-

lende antwoorde gee, waarvan die meeste ongetwyfeld sal wees dat ons die baie lewens behoort te onthou wat in die sinnelose en brutale bloedbad kortgeknip is. Sommige mense mag sê dat ons die lesse van die geskiedenis moet onthou, sodat ons nie ons foute vergeet en herhaal nie. Om geskiedenis te onthou, is ongelukkig nie een van die mensdom se sterk punte nie.

Wat ook al die geval is, was die Eerste Wêreldoorlog *nie* die “oorlog om alle oorloë tot 'n einde te bring” nie. Daardie hoop is sowat 20 jaar later, met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog, pynlik verpletter. Verskeie oorloë, konflikte en “polisie-optredes” het gevolg. Volksmoorde in Kambodja en Rwanda het getoon dat selfs die

gruwels van die slagting van die Jode [*Holocaust*] ons maar min geleer het.

Wanneer sal ons onthou? Sal daar ooit 'n tyd sonder oorlog wees? Hoewel baie mense ernstig nadink oor die lewens wat in die oorloë verloor is en ander weer dink oor die gebeure wat lei tot oorlog, neem die meeste mense nie die oorspronklike oorsake van oorlog in ag nie.

Nasionale selfbelang

Die voormalige president van die Verenigde State, Richard Nixon, het die mens se nuttelose pogings om ware vrede te bewerkstellig, verduidelik.

Diegene wat eerder agter die tikmasjien vrede maak as by die onderhandelingsstafel, het die luukse om vredemakers te wees, sonder om met die komplekse probleme te worstel in die deurmekaar wêreld van werklike internasionale diplomatie. Vir hulle is die enigste struikelblok op die pad na vrede die betreurenswaardige gebrek aan leiers wat so onbaatsugtig en idealisties is soos wat hulle beweër om te wees en wat wél bereid is om hulle bekrompe nasionale belang opsy te skuif ter wille van vrede in die wêreld. Hulle hoop dat hierdie

era die een sal wees waarin **selfbelang – die dryfkrag agter die geskiedenis – sedert die begin van geskiedenis**, net somer sal verdamp (*Real Peace*, Richard Nixon, bl. 4).

Mnr. Nixon het die behoefte aan verandering in die mensdom se basiese natuur erken, maar hy was nie optimisties oor die vooruitsigte van hierdie verandering nie.

Op die langtermyn kan ons hoop dat godsdiens die natuur van die mens sal verander en konflik sal verminder. Met betrekking tot bogenoemde blyk die geskiedenis egter nie bemoedigend te wees nie. Die bloedigste oorloë in die geskiedenis was godsdiensige oorloë. Mene wat dieselfde God aanbid, het mekaar by die duisende afgemaai in die Amerikaanse Burgeroorlog asook by die miljoene in die Eerste en Tweede Wêreldoorloë. Tensy mense verander, moet ware vrede gebou word op die veronderstelling dat die beste wat ons kan doen, is om te leer om met ons verskille saam te leef, eerder as om daarvoor te sterf (Nixon, bl. 14).

Die Amerikaanse vyfster-generaal Douglas MacArthur het treffend beskryf hoe die mensdom se pogings om vrede te bring al misluk het. Hy het tereg opgemerk: “Dit moet van die gees wees as ons die vlees wil red” (*Radio Broadcast to the Nation Following the USS Missouri Surrender Ceremony*, *AmericanRhetoric.com*).

Geeneen van hierdie mans het lank genoeg geleef om die afskuwelike gebeure te aanskou van die terroriste-aanvalle van 11 September 2001 op die Wêreldhandelsentrum en die Amerikaanse Pentagon, die twee Golfoorloë, die talle addisionele konflikte en volksmoorde wat die afgelope 20 jaar plaasgevind het nie. 'n Mens kan jou net indink dat nie een van die mans verbaas sou wees nie – gesien in die lig van die toename en vermenigvuldiging van wapens van ondenkbare massavernietiging. Die mensdom se vindingrykheid om te vernietig en dood te maak, is merkwaardig!

Staatsmanne soos Nixon en MacArthur lyk vir die jonger geslagte onbelangrik. Elke generasie voel dat dit anders is en dat hulle immuun is teen die foute van vorige generasies of dit nou met aandelemarkte of internasionale konflikte verband hou. Dit is veral waar van die laaste paar geslagte, wat nog nooit 'n enkele konflik beleef het wat miljoene lewens gekos het nie. Iemand van aansien soos die voormalige leier van die Sowjet-Unie, mnr. Mikhail Gorbatsjev, het egter minder as

twee jaar gelede aan die tydskrif *Time* genoem dat “Alles daarop dui dat die wêreld vir oorlog voorberei” en sommige van die ouer leiers het ten minste daarvan kennis geneem (*Time.com*, Januarie 2017).

Verrassend soos dit mag wees, het Jesus Christus sowat 2,000 jaar gelede voorspel dat die mensdom se liefde vir en vaardigheid in oorlogvoering ons tot op die punt sou bring, waarsonder Sy direkte ingryping, alle lewe op hierdie planeet uitgewis sou word. “Want dan sal daar groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie. En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word” (Matthéüs 24:21-22).

Later het Jakobus – die broer van Jesus – in die Bybelse boek wat sy naam dra die vraag gevra en beantwoord oor wat menslike konflik veroorsaak: “Waarvandaan kom oorloë en vegterye onder julle? Kom hulle nie hiervandaan, van julle welluste wat in julle lede stryd voer nie? Julle begeer en julle het nie, julle pleeg moord en is naywerig en julle kan niks verkry nie. Julle veg en maak oorlog, en julle het nie, omdat julle nie bid nie. Julle bid en julle ontvang nie, omdat julle verkeerd bid, om dit in julle welluste deur te bring” (Jakobus 4:1-3).

Die menslike natuur is duidelik die kern van die probleem en omdat ons geen

gemeenskaplike begeerte het om ons aard of natuur te verander nie, sal ons in die nabye toekoms klaarblyklik geen vrede hê nie. Dit is eers ná die Wederkoms van Jesus Christus en wanneer ons verlos is van die gees wat nou ons geardheid beïnvloed en die verloop van hierdie wêreld bepaal, dat ons uiteindelik vrede sal geniet (Romeine 3:17; Efésiërs 2:1-2; Openbaring 20:1-3). Dit is een les wat ons *nooit* behoort te vergeet nie!

Dit is belangrik om die lesse uit die geskiedenis en die lewens wat deur oorlog kortgeknip is te onthou, maar is daar 'n les wat bykans die hele wêreld geheel en al vergeet het?

Sodat ons nie ons Skepper vergeet nie

Alhoewel baie mense erken dat die menslike natuur die oorsaak van konflikte tussen bure en nasies is, verstaan min mense die belangrike rede naamlik die *waarom*. Die Bybel openbaar dat God in die sake van nasies ingryp en soms beteken dit dat Hy die aangebore natuur van een nasie gebruik om 'n ander een te straf. Dit is veral waar met betrekking tot Israelitiese nasies, wanneer hulle versuim om te leef volgens die verantwoordelikhede van hulle spesiale roeping en hulle Skepper vergeet!

Baie *Wêreld van Môre*-lesers verstaan dat die volk wat in die Bybel bekend staan as Israel baie meer insluit as die klein volkie wat hulleself vandag Israel noem. Ons gratis boekie,

Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?, openbaar die waarheid wat ons toelaat om huidige gebeure te verstaan in die lig van Bybelse profesie.

Dit is belangrik om te verstaan dat wanneer ons na die “uitverkore volk” verwys, ons erken dat al het God Israel *wel* vir 'n spesiale doel gekies – nie net die Jode nie, maar al twaalf stamme – dit nie was omdat hulle beter was as ander nie. Inteendeel, die Bybel verklaar spesifiek dat hulle nie is nie! Terwyl God gedurende die antieke tye Israeliete gebruik het om ongelooflike bose nasies te verdryf (sien Levitikus 18:24-28), was dit nie te danke aan hulle eie geregtigheid nie: “Nie ter wille van jou geregtigheid en die opregtheid van jou hart kom jy in om hulle land in besit te neem nie, maar weens die goddeloosheid van hierdie nasies verdryf die HERE jou God hulle voor jou uit, en om die woord te vervul wat die HERE vir jou vaders, Abraham, Isak en Jakob, gesweer het. Weet dan dat die HERE jou God nie ter wille van jou geregtigheid jou hierdie goeie land gee om dit in besit te neem nie, want jy is 'n hardnekkige volk” (Deuteronómium 9:5-6).

God het die Israelitiese volk gewaarsku dat menigvuldige vloeke die gevolge sou wees indien hulle Sy Wette en Gebooie sou verwerp. Een van die vloeke sou oorlog wees. “Maar as julle nie na My luister en al hierdie gebooie nie doen nie ... Ek sal 'n swaard oor julle

bring wat die wraak van die verbond sal uitoefen ... en julle sal in die hand van die vyand oorgegee word” (Levitikus 26:14, 25).

Terwyl die mens se bedorwe natuur, selfsugtige begeertes van leiers en nasionale trots, intense en wydverspreide lyding veroorsaak, gryp God ook van tyd tot tyd direk in menslike sake in om hulle wakker te skud. Dit kom daarop neer dat God soms sulke dinge soos oorlog, siekte en natuurrampe gebruik om rebelse nasies te tugtig en na Hom terug te bring.

Benewens die begrip rakende die identiteit van elke Israelitiese stam – nie net die stam van Juda nie – is dit belangrik om die identiteite van ander Bybelse nasies in hulle moderne konteks te verstaan. Twee keer gedurende die laaste eeu het Duitsland teen die volke van Britse afkoms, die Verenigde State en sekere Europese nasies oorlog gemaak. Die meeste van hierdie lande wat teen Duitsland gekant was, is afstammeling van wat in antieke tye bekend gestaan het as die huis van Israel. Dan praat ons nie eers van die anti-Semitiese menseslagting [*holocaust*] tydens die Tweede Wêreldoorlog nie! Soos in ons artikel “Herrysende Duitsland: 'n Vierde Reich? verduidelik word, is moderne Duitsland hoofsaaklik uit antieke Assirië afkomstig.

In die Heilige Skrif openbaar God aan ons dat Hy moderne Assirië gebruik soos Hy antieke Assirië gebruik het: Om Sy

uitverkorenes vir hulle sondes te straf. God noem Assirië, “die roede van my toorn en 'n stok is hy – in hulle hand is my grimmigheid” (Jesaja 10:5).

Hierdie profesie in Jesaja gaan voort: “Ek sal hom stuur teen 'n roekelose nasie, en Ek sal hom bevel gee teen die volk van my grimmigheid” (vers 6). Daarna volg 'n onthullende stelling met betrekking tot die heerser van die Assiriese volk. “Maar hý bedoel dit nie so nie, en sy hart dink nie so nie; maar om te verdelg, is in sy hart, en om nasies uit te roei, nie min nie” (vers 7). Met ander woorde, die koning van Assirië, wat só vol trots is (sien verse 8-11), verstaan nie dat dit God is wat hom laat draai, in die eerste plek teen die tien stamme, wat bekend staan as die huis van Israel en dan tweedens teen die huis van Juda (die Jode) nie.

'n Vroeë voorbeeld van die vervulling van hierdie profesie het plaasgevind toe die Assiriese Ryk die noordelike tien stamme van die huis van Israel in ongeveer 720 v.C. in gevangenskap geneem het. Assirië het ook probeer om die huis van Juda onder sy juk te bring, maar dit was nie God se tyd dat Juda verslaan moes word en in ballingskap gaan nie. Daardie tyd sou meer as 'n eeu later aanbreek toe God, Nebukadnésar en sy Babiloniese Ryk sou oorreed om Juda gevange te neem. Die belangrikste vervulling van Jesaja se profesie is egter nog in die nabye toekoms.

Waarom sulke strawwe?

Die profeet Jesaja wys ons daarop dat God Assirië, waarvan baie Duitsers afgestam het, as Sy staf van tugtiging teen rebelse Israel gebruik. Die volke van Britse afkoms, die Verenigde State, Frankryk en verskeie ander nasies wat in Noordwes-Europa gevind word, het tradisioneel aan hulleself as regverdige, Christelike nasies gedink, maar is hulle? Is die moderne, wydverspreide vorm van Christelikheid waarlik die godsdienst wat deur Jesus oorgelewer en deur die Apostels en die eerste-eeuse Kerk van God beoefen is? Die antwoord is dat dit nie is nie! 'n Insiggewende reeks oor die Protestantse Hervorming deur wyle dr. Roderick C. Meredith – wat die afgelope jaar in hierdie tydskrif gepubliseer is – behoort dit heeltemaal duidelik te maak.

Moderne Assirië het pyn en verdriet aan God se verbondsvolk besorg, maar God het ons vir Sy doel bewaar. Nadat God Israel gestraf het, sal Hy Hom na die sondes van die nasie wat Sy staf is wend om met hulle af te reken. “Maar as die Here al sy werk voltooi het op die berg Sion en in Jerusalem, dan sal Ek besoeking doen oor die vrug van die grootsheid van die hart van Assirië se koning en oor die gepraal van sy hoë oë” (Jesaja 10:12). God vra: “Kan die byl hom beroem teen die wat daarmee kap, of die saag spog teen hom wat dit trek” (vers 15).

Wat duisende jare gelede met Israel en Juda gebeur het, is net 'n vooruitskouing van toe-

komstige gebeure. Ons het presies gedoen wat 'n liefdevolle God ons gewaarsku het om nie te doen nie – om te vergeet! “En as die HERE jou God jou inbring in die land wat Hy aan jou vaders, Abraham, Isak en Jakob, met 'n eed beloof het om jou te gee – groot en mooi stede wat jy nie gebou het nie, en huise vol van allerhande goed wat jy nie gevul het nie, en uitgekapte reënbakke wat jy nie uitgekapt, wingerde en olyfbome wat jy nie geplant het nie – en jy eet en versadig word, neem jou dan in ag dat jy **die HERE nie vergeet** wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het nie” (Deuteronómium 6:10-12). Dit is duidelik dat hierdie 'n direkte waarskuwing was aan die geslagte wat uit Egiptiese slawerny gekom het, maar baie profesieë is nog nie vervul nie en die waarskuwing, “dat jy die Here nie vergeet nie”, is vandag nog meer van toepassing op die Israelitiese volke.

Na aan die einde van die boek Génesis spreek die patriarg Jakob 'n merkwaardige profesie uit wanneer hy voorspel wat met elkeen van sy twaalf seuns aan die einde van die tyd sal gebeur. Ons lees in Génesis 49:1: “Kom bymekaar, dat ek julle kan verkondig wat julle aan die einde van die dae sal wederveraar.” Ons leer dat Josef se afstammeling baie vyande sal hê, maar God sal hulle help. “Die boogskutters het hom wel geprikkel en hom beskiet en hom bestry, maar sy boog het sterk gebly, en die arms van sy

hande was buigsaam, deur die hande van die Magtige van Jakob – daarvandaan waar die Herder, die Steen van Israel, is” (verse 23-24).

Hierdie profesie gebruik terme wat verstaanbaar was vir diegene wat geleef het toe dit geskryf is, maar die tyd waarna dit verwys, word as “aan die einde van die dae” aangedui. 'n Soortgelyke eindtydse profesie wat op Josef betrekking het word in Deuteronómium 33:13-17 aangetref. Horings is 'n simbool van militêre mag en aan ons word vertel, “Sy eersgebore stier – heerlikheid is syne, en sy horings is buffelhorings; daarmee sal hy die volke stoot, die eindes van die aarde almal saam” (vers 17). Kan daar 'n meer akkurate beskrywing wees van wat in die Tweede Wêreldoorlog gebeur het toe Brittanje, Amerika, Kanada, Australië en hulle bondgenote hulle vyande letterlik na die einde van die aarde verdryf het?

Twee wêreldoorloë moes ons nederig gelaat het, maar in plaas daarvan het ons arrogant en hoogmoedig geword terwyl ons God en Sy Gebooie verag. Dit is geen wonder dat terrorisme na ons grensgebiede gekom het nie. “Maar as julle nie na My luister en al hierdie gebooie nie doen nie; en as julle my insettinge verwerp, en as julle siel van my verordeninge 'n afsku het, sodat julle nie al my gebooie doen nie en my verbond verbreek – dan sal Ék dit ook aan julle doen: **Ek sal verskrikking [terrorisme] oor julle beskik**

...” (Levitikus 26:14-16). Hy waarsku ons verder: “En Ek sal julle trotse mag verbreek ...” (vers 19). Ons trots sal lei tot verdere bestraffing omdat ons die Een vergeet wat groot seëninge oor ons uitstort.

Baie mense gee toe dat die menslike natuur 'n oorsaak van oorlog en twis is, maar min van hulle besef dat God natuurlike menslike geneigdheid gebruik om rebelse nasies te straf en om hulle daardeur tot berou te bring. God het twee keer deur die afgelope eeu toegelaat dat moderne Assiriërs dood en verwoesting oor hardkoppige nasies van Israel bring. Terselfdertyd het Hy ons nasies deur Sy magtige arm versterk en ons van volkome vernietiging gespaar terwyl die een wat straf toedien, gestraf word, maar ons het nie uit hierdie konflikte geleer nie. Amerika en sy bondgenote is hoogmoedig en verval in onsedelikheid terwyl hulle weier om aan God die eer te bewys wat Hom toekom. God sal nie so sagkens met ons werk volgende keer nie! Nederlae lê vir ons voor in die toekoms!

Ons sien onself as die bron van ons eie ekonomiese krag, terwyl ons die ware Bron vergeet het. “Maar dink aan die HERE jou God, dat dit Hy is wat jou krag gee om rykdom te verwerwe” (Deuteronómium 8:18). Soos menige ander profesieë aantoon, lê daar verdere straf vir die Israelitiese nasies in die toekoms voor. Die profeet Jeremia het na ons volke verwys toe hy geskryf het: “Wee, want

Vervolg op bladsy 26

Dit is Londen wat roep Die absolute offer!

Deur John Meakin

Elke jaar op die elfde uur, op die elfde dag, van die elfde maand, staan die wêreld vir twee minute stil in herinnering aan die Wapenstilstand. Op hierdie presiese oomblik erken ons die opoffering van elkeen wat in die Eerste Wêreldoorlog gesterf het om die beginsels van vryheid te verdedig. 2018 was die honderdste keer dat ons die einde van hierdie verskriklikste “oorlog om alle oorloë te beëindig” sal onthou.

In Brittanje vind die land se gedenkdien plaas by die Praalgraf in Londen se Whitehall. Praalgraf beteken “leë graf” en op hierdie een is die woorde, *“The Glorious Dead”*, uitgebytel. Dáár kom die volk saam – op televisie, Internet en in persoon – gelei deur die koninklike gesin, politici, gewapende magte, verteenwoordigers van geloofsgemeenskappe en die Statebond. Die atmosfeer is met emosie gelaai wanneer die alledaagse bestaan regdeur die land vir twee minute tot stilstand kom in herinnering aan diegene wat gesterf het, sodat ons kan lewe. Trompetgeskal deurdring die respekvolle stilte om *“The Last Post”* te laat weerklink. Kranse word gelê. Liedere word gesing. Daar word gebid. Die orkes speel. Die lang verbymars van veteraan-groepe begin.

Al die herinneringe van

diegene wat in die Eerste Wêreldoorlog gedien het, is nou vir ons verlore omdat dit saam met die betrokkenes na die graf geneem is. Ons sal egter nie hulle offer vergeet nie. Ook nie die offers van diegene wat sedertdien in oorloë gesterf het nie. Jaar na jaar refrein die volk dieselfde plegtige gelofte: *“Ons sal hulle onthou!”*

In 2014 tydens die honderdjarige herdenking van die begin van die Eerste Wêreldoorlog, is bykans 900,000 keramiekpapawers voorberei – een vir elke Britse en koloniale dienspligtige wat in die oorlog gesneuwel het. Dit is geringskik om 'n see van “bloed” te skep wat vanaf en rondom die toring van Londen gevloei het – gestorte bloed, wat die lewe vir toekomstige geslagte bewaar het. Daarna is hierdie keramiekpapawers aan die publiek verkoop – een per gesin – as 'n persoonlike herinnering aan die gesneuweldes – die prys van vryheid.

Dit is werklik teenstrydig met die feit dat terwyl ons die gesneuweldes van vorige oorloë onthou en vir vrede bid, ons nasies steeds besig bly om vir oorlog voor te berei! Die mensdom wat verdeel is deur ideologie, godsdiens, nasionale ambisies en die persoonlike soeke na mag, hou aan veg. Is dit dan nie tyd om daaraan te

dink om dinge anders te doen nie?

'n Radikale oplossing

Hoe sou dit wees indien ons ook vrede en die *weg na vrede* kon herdenk? Hoe sou dit wees indien ons 'n plan kon herdenk wat die menslike natuur verander en 'n einde aan alle oorloë maak? Hoe sou dit wees as die “glorieryke gesneuweldes” na die lewe kon terugkeer? Glo dit as u wil, maar sulke wonderlike idees is nie wensdenkery of die verwarrende rondtasting van geestesversteurdes nie. Dit is die hoop van u Bybel!

Hierdie Boek vestig ons aandag op 'n heel ander gedenkwaardigheid – een wat opvallende ooreenkomste toon met die Wapenstilstand, maar met 'n heel ander doel in gedagte. Hierdie is 'n herdenking van baie groot omvang, met allesomvattende trefkrag en uiters belangrik vir lewe, meer as wat ons ons kan voorstel. Tog word dit afgeskeep, geïgnoreer en grotendeels deur die meeste mense vergeet.

Hierdie is nie die herdenking van 'n opoffering wat deur miljoene vegtende mans vir die lewens van toekomstige geslagte gemaak is nie. Dit is die opoffering van net een Man wie se bloed gevloei het vir u en vir my en vir almal wat nog ooit geleef het – 'n lewe wat geoffer

is, sodat ons vergewe kon word, vrygemaak kon word van ons sondes en God se gawe van die ewige lewe kan ontvang (Romeine 5:6-10; 6:22-23; Johannes 3:16-17).

Indien Sy bloed nie vir ons gestort was nie, sou ons geen hoop op 'n beter lewe as hierdie een gehad het nie. As gevolg van Sy opoffering sal almal wat ooit geleef het – met inbegrip van elkeen wat in 'n oorlog gesterf het – 'n terugkeer na die lewe geniet, met die vooruitsig van die ewige lewe.

Die Man van wie ons praat, is natuurlik Jesus die Messias, wat ongeveer 2,000 jaar gelede in Jerusalem op die dag van Pasga gesterf het. Soos ons jarelange lesers van hierdie tydskrif reeds weet, gaan getroue Christene regoor die wêreld voort om die gebeure van daardie dag te herdenk as nagedagtenis van Sy dood en die betekenis daarvan. 'n Bloedrooi papawer is nie hier ter sprake nie, maar wel 'n bietjie rooiwyn en 'n klein stukkie brood wat Sy gestorte bloed en gebroke liggaam versinnebeeld.

Behoort *elkeen* nie hierdie Man, God se eie Seun (Matthéüs 14:33; 16:16), wat die hoogste offer gebring het, te onthou sodat ons almal kan lewe nie? Is dit nie die moeite werd om die gewone lewe net vir 'n kort tydjie opsy te skuif om erkenning te gee aan Sy dood en die opoffering wat Hy vir ons gemaak het nie?

Onthou die hoogste offer

Die meeste mense wat in die “Groot Oorlog” gesterf het, het net bevele uitgevoer. Met die bevel om die vyand te bestorm, was hulle: “Soos 'n skaap (is Hy) gelei om geslag te word”. Hulle het geweet dat die kans op oorlewing baie skraal was, maar dit was hulle plig. Hulle het geen keuse gehad nie. Hulle was “opgeroep” om vir hulle land te veg en indien nodig, die hoogste *menslike* offer te bring. Dus het hulle gereageer. Die keur van elke nasie se jeug het oorlog toe gegaan en gans te veel het nooit teruggekeer nie.

Die “Lam van God” was bewus van Sy roeping en bestemming van die “grondlegging van die wêreld af” (Johannes 1:29; Openbaring 13:8). Hy het nooit Sy plig ontduik nie, alhoewel Hy gehoop het dat dit op 'n ander manier kon gebeur (Matthéüs 26:39, 42). Hy het vrywilliglik Sy lewe vir die hele wêreld opgeoffer. Hy het 'n lang en verskriklike dood gesterf wat voorafgegaan is deur vernederende mishandeling wat sy liggaam uitmekaar geskeur het. Terwyl Sy einde nader gekom het, het 'n digte duisternis neergedaal en vir 'n paar uur het die lewe tot stilstand gekom. Met Sy dood het die grond geskud as gevolg van 'n aardbewing. Getuies het met groot oë en vreesbevange die woord versprei dat dit inderdaad die “Seun van God” was wat daardie dag gesterf het (Matthéüs 27:45-

54).

Hierdie Seun het egter nie in die graf gebly nie. Sy Vader het Hom tot die lewe opgewek! Hy het ook 'n *leë* graf agtergelaat – Sy eie praalgraf – maar as 'n simbool van die lewe, eerder as van die dood. Hy sit nou aan die regterhand van Sy Vader, ywerig besig om voor te berei vir Sy Wederkoms na hierdie aarde. Sy Wederkoms sal waarlik glansryk wees (Titus 2:13-14), want Hy sal Sy Regering oor die hele wêreld vestig, alle *oorloë beëindig* en blywende vrede bring (Jesaja 2:2-4; 9:6-7).

Terwyl ons dink aan die groot aantal menslike lewens wat in die oorlog vir ons vryheid opgeoffer is, onthou, laat ons nie die *hoogste offer* van Jesus, die Messias – die Seun van God – vergeet nie. Hy het Sy lewe gegee om ons van sonde te bevry sodat ons persoonlike vrede en die hoop op die ewige lewe kan hê. Laat dit vir altyd deur elkeen van ons gesê word: “*Ja, ons sal Hom onthou!*”

Indien u meer wil weet met betrekking tot God se verlossingsplan deur Jesus Christus en die vrede en vryheid wat dit uiteindelik aan die HELE mensdom sal bring, kontak ons gerus en vra vir u gratis boekies, *Johannes 3:16: Verborge waarhede van die goue vers; U uiteindelige Lotsbestemming* en *Die Heilige Dae – God se meesterplan*. 

Besoek ons webwerf by: www.wvm.co.za
of vir Engelse literatuur: www.tomorrowworld.org

Vrae & Antwoorde

Hoe behoort 'n Christen Kersfees te beskou?

VRAAG: Gee die Bybel enige riglyne oor hoe Christene Kersfees behoort na te kom?

ANTWOORD: Baie mense is verbaas om te verneem dat daar geen Bybelse bevel of Bybelse voorbeeld is wat die herdenking van Jesus Christus se geboorte steun nie.

In die Skrif is daar nie een keer 'n verwysing na 'n verjaarsdagviering vir of deur Jesus Christus nie. Sommige mense aanvaar verkeerdelik dat Matthéüs 2:11-12 die eerste geleentheid was waar Kersgeskenke gegee is. Die “wyse manne” het in werklikheid hulde gebring aan die “Koning van die Jode” – toe reeds 'n jong kind – nie verjaarsdaggeskenke vir 'n pasgebore baba nie.

Dit is insiggewend om daarop te let dat die enigste melding wat gemaak word van “verjaarsdagpartytjies” wat ons in die Skrif vind, geassosieer word met onaangename gebeurtenisse. In Matthéüs 14 byvoorbeeld was koning Herodes se “verjaarsdaggeskenk” die onthoofde kop van Johannes die Doper. Selfs so laat soos 245 n.C. het die welbekende geleerde Origen “die blote idee om die verjaarsdag van Christus te vier, as sondig verwerp” (*Encyclopaedia Britannica*, 11de uitgawe).

Die Skrif gee egter aan ons 'n paar wenke aangaande die datum van Christus se geboorte en vertel dat Hy gebore is toe daar “herders [was] ... wat in die oop veld gebly en in die nag oor hul skape wag gehou het” (Lukas 2:8). Herders het tydens die koue winters in Judea binnenshuis geslaap. Ons lees ook dat terwyl Sagaria besig was om tempeldiens in die afdeling van Abia te doen, 'n engel aan hom verskyn en aangekondig het dat hy 'n seun, Johannes die Doper, sou hê (Lukas 1:5-25, 57-58). Abia se afdeling het elke jaar die agtste diensbeurt in die tempel gedoen en deur die datums vooruit te bereken, vind ons dat Johannes die Doper in die lente na aan die Pasga gebore is en Jesus ses maande later (Lukas 1:24-26). Dus sou Sy geboorte in September of Oktober plaasgevind het – nie op 25 Desember nie!

Aangesien die Skrif nie 'n viering van Jesus Christus se geboortedag aandui nie en dit duidelik maak dat Hy nie op 25 Desember gebore kon gewees het nie, hoe het die datum vir “Kersfees” ontstaan? In Rome was Desember die tyd van die

viering van die heidense Saturnalia asook die “heilige dae” van aanbidders van Mithra en Sol Invictus. Heidense “bekeerlinge” het die oorspronklike leerstellings van Christelikheid verander om bloot by hulle ou gewoontes aan te pas en voortgegaan om hulle feeste aan die einde van Desember te hou. Hulle het slegs die voorwerp van aanbidding verander.

Is daar egter enigsins fout met die “verchristeliking” van die wêreldse gebruik van verjaardag vierings en om dit van toepassing te maak op ons Verlosser? Die Skrif verduidelik dat ons nie die ware God kan aanbid deur Sy weë te verwerp ten gunste van gewoontes wat gebruik word in die aanbidding van valse gode nie (Deuteronómium 12:30-32). Let op: “So sê die HERE: Maak julle nie gewend aan die weg van die heidene nie, en skrik nie vir die tekens van die hemel, omdat die heidene daarvoor skrik nie. Want die insettinge van die volke is nietigheid; want 'n boom uit die bos kap hulle om, die handewerk van 'n ambagsman met die byl. Hulle versier dit met silwer en goud, hulle maak dit vas met spykers en hamers, dat dit nie waggel nie” (Jeremia 10:2-4). God se mense behoort nie heidense gebruike aan te neem nie – soos die gebruik wat in hierdie verse beskryf word – deur 'n boom as deel van 'n viering te versier nie. Hoeveel mense versier egter elke jaar – teenstrydig met hierdie verse – hulle Kersbome? Jesus Christus het Sy volgelinge gevra: “En wat noem julle My: Here, Here! en doen nie wat Ek sê nie?” (Lukas 6:46). In 'n wêreld wat behep raak met “Kersfees”-feestelikhede, mag dit aanloklik wees om deel te neem aan wat mag voorkom as 'n “onskuldige” viering, terwyl dit sosiaal ongemaklik kan wees om te weier. As Christene moet ons egter weier. Ons behoort eerder Jesus se voorbeeld te volg en die ware Heilige Dae te onderhou wat God aan Sy mense gegee het en wat Sy plan van verlossing vir die mensdom uitbeeld. Om meer oor hierdie Heilige Dae te wete te kom, skryf of bel gerus en bestel 'n gratis kopie van ons boekie, *Die Heilige Dae – God se meesterplan*. **WvM**

Die werke

Singende ruspes

'n Hele paar uitgawes terug het ons gekyk na die merkwaardige verandering van ruspe na skoenlapper ("Die Skoenlapper: Meester van metamorfose", Januarie-Februarie 2019). Hierdie nederige kreatuurtjie beskik egter oor veel meer verrassings vir diegene wat bereid is om hulle van naderby te beskou.

In 'n aantal tropiese gebiede, veral Suid-Amerika en Australië, mag mens die voorreg hê om 'n mediumgrootte skoenlapper van die *Lycaenidae*- of *Riodinidae*-spesies raak te loop. Hierdie pragtige kreatuurtjies se kleure kan wissel van koper tot skakerings van blou. Terwyl dit verruklik mag wees om hulle verbysterende kleure en vreedsame gedrag gade te slaan, is die verhaal van hoe hierdie twee spesifieke spesies voortbestaan om in sulke grasieuse skoenlappers te ontwikkel, dalk nog meer uitsonderlik.

'n Skoenlapper bring 'n groot deel van sy jong lewe in 'n larwe-stadium deur – 'n toestand wat ons as 'n ruspe ken. In daardie fase beweeg dit stadig en is kwesbaar om aangeval te word en 'n ete vir ander spesies te word. Die larwes van skoenlappers is veral kwesbaar vir perdebye en dit wil voorkom asof perdebylarwes 'n voorliefde het om hierdie ruspes te verorber. Perdebye sal op hierdie ruspes

jag maak, hulle vang en hulle eiers in die ruspes se liggaampies lê. Wanneer die eiers dan uitbroei, sal die perdebye se kleintjies die ruspes verteer vir hulle eie ontwikkeling.

Die *Lycaenids* en *Riodinides* word egter nie maklik 'n fees vir perdebye nie. Dit is as gevolg van 'n merkwaardige "vennootskap" met verskillende spesies miere wat uiteindelik as aggressiewe lyfwagte vir ons lompe skoenlapper-larwes dien.

'n Merkwaardige vennootskap
Bioloë het die afgelope 40 jaar heelwat navorsing gedoen oor hierdie spesiale interspesieverhouding en hoe dit ontstaan het. So 'n vennootskap tussen kreatuurtjies word 'n *symbiotiese* verhouding genoem (afgelei van 'n Griekse woord vir 'saamwoon') en die toerusting en prosesse wat by hierdie spesifieke reëling betrokke is, is werklik verstommend. Phil DeVries, wat in Oktober 1992 vir *Scientific American* geskryf het, het 'n paar van die betowerende maniere beskryf waarvolgens hierdie ruspes miere lok en aanhou om as hulle oppassers te dien.

DeVries verduidelik hoe 'n ruspe van hierdie spesies klank voortbring deur 'n geriffelde vibrerende papil (smaakuitgroeiseltjie) teen die growwe oppervlak van sy kop te skuur.

Dit veroorsaak vibrasies en die klankgolwe word dan voortgedra al met die boomtakte langs sodat miere in die omgewing dit kan hoor – vandaar die bynaam "singende ruspes". Toevallig het hierdie vibrasies 'n frekwensie soortgelyk aan die vibrasies wat die miere self maak wanneer hulle die ligging van 'n nuutgevonde voedselbron wil bekend maak – dus kom die ander miere natuurlik aangehardloop.

Omdat dit bekend is dat miere jag maak op ruspes, lyk dit of ons vriendjie 'n gevaarlike speletjie speel. Die ruspe is egter voorbereid hierop. Aan sy agterkant het dit 'n nektaragtige orgaantjie wat 'n suikeragtige, proteïenryke nektar afskei wat heel toevallig 'n ideale voedselbron vir miere is. Skynbaar bewus daarvan dat hulle op 'n bruikbare voedselbron afgekom het, beskerm die miere die ruspes teen ander roofvyande en "melk" hulle deur met hulle antennas op die afscheidingskliere te kielie of daarop te trommel. Sue Ann Zollinger skryf: "By sommige Australiese spesies bou die wakende miere selfs gras- of grond-skuilings om die ruspes in te bewaar. Bedags word die ruspes deur die miere in die skuilings beskerm teen roofvyande. Snags jaag die miere die ruspes op in 'n nabygeleë boom om blare te

van Sy hande

vreet” (*The Special Relationship Between Ants and Lycaenid Butterflies*, *A Moment in Science*, 15 September 2008).

Die miere is selfs in staat om in baie gevalle die ruspes teen voëls beskerm! Wanneer 'n voël of 'n groter vyand nader kom, krioel die miere oor die ruspe. Miere is vir die meeste voëls onsmaklik. Hulle sal dus 'n potensiële ete afstootlik vind wanneer hulle die miere sien – en so oorleef die ruspe.

Die gedragspatrone van sommige miere het navorsers egter dronkgeslaan. 'n Publikasie van die Universiteit van Arizona wys byvoorbeeld daarop dat miere dikwels sekere plante wat nektar afskei sal verdedig deur ander insekte aan te val en selfs te vreet om sodoende die voedselbron net vir hulleself te behou. Die miere laat egter die nektar-produiserende ruspes in vrede en laat hulle toe om die plant te vreet. Intussen melk die miere die ruspes se nektar en bied weerstand teen potensiële bedreigings (Stiles, Lori, “*To Tend or Not to Tend: The Choice Varies in an Ant-Butterfly Mutualism*”, 7 Augustus 2000. *Arizona.edu*). Ander navorsing dui daarop dat die nektar van die ruspe voedsamer is as dié van die plante (DeVries and Baker, 1989, *Journal of the New York Entomological Society* 97: bl. 332-340). Interessant genoeg,

berig Stiles: “Die ruspes sal slegs die stof [nektar] afskei wanneer daar miere is”.

Bevel oor 'n private leër

Me. Stiles merk verder op dat porieë van ruspes op verskillende tye stowwe afskei wat miere kalmeer of prikkel. Daarbenewens het die ruspe se agtste buik-segment 'n paar tentakelagtige organe wat ietwat ballonagtig is, wat met fyn haartjies bedek is en op 'n merkwaardige wyse gebruik word. Miere word baie opgewonde wanneer hulle aan hierdie orgaan tjes raak. Dit wil voorkom asof ruspes die orgaan tjes gebruik om die miere te manipuleer, om hulle te verdedig wanneer nodig of weg te stuur wanneer hulle nié nodig is nie.

Op die oog af lyk dit dus asof die ruspe beskerming geniet van 'n private leër van miere wat deur hulle aangelok word terwyl hulle heerlike nektar in ruil aanbied. Dit, op sigself, is indrukwekkend. Bioloë het egter ontdek dat hierdie verhouding meer kompleks is en dat die ruspe met die vermoë om miere te beheer ontwerp is!

In 2015 het Sandhya Sekar vir die tydskrif *New Scientist* 'n berig geskryf oor die werk van die Japannese wetenskaplike Masaru Hojo. Die bioloog het vroeg in sy werk bevind dat miere wat ruspes verdedig, hulle

nie verlaat nie, selfs nie om kos na die kolonie terug te neem nie. In plaas daarvan het hulle wag gehou en nektar gedrink. Hy het opgemerk dat “wanneer die ruspe sy tentakels omdop – binnekant na buitentoe omdop – die miere vinniger rondbeweeg en aggressief opgetree het”. (*Caterpillar drugs ants to turn them into zombie bodyguards*”, Julie 2015. *New Scientist.com*). In hierdie toestand het die miere, perdebye, spinnekoppe en enige ander bedreiging aangeval. Hojo het gereken dat die ruspe, wanneer dit deur 'n moontlike vyand genader word, 'n chemiese sein gee wat die miere beveel om aan te val. Sodoende word die miere se gedrag voorgeskryf deur chemiese beheer en voedsame nektar. Eksperimente het getoon dat die ruspe sy nektar met middels “skielik kan verhoog” om die dopamienvlakke in die miere se breine te beheer waardeur hulle hul lyfwagte na willekeur, meer of minder, aggressief kan maak.

Wat professor Hojo ontdek het is werklik verstommend. Hy het bewys dat *Lycaenidae* of *Riodinidae*, wat op miere staatmaak vir hulle veiligheid, chemiese beheer uitoefen om die miere te laat optree volgens die ruspes se chemiese bevel. Hulle nektar kan die miere kalmeer en aanlok om in die nabyheid te bly en om hulle

aggressief genoeg te maak om gevare af te weer (Hojo, Pierce, Tsuji, “*Lycaenid Caterpillar Secretions Manipulate Attendant Ant Behavior*”, *Current Biology*, 2015).

Ten einde hierdie verhouding in die eerste plek aan die gang te kon kry, moes hierdie ruspes in staat gewees het om miere te lok, gewenste nektar te produseer (wat hulle net gebruik om die verdedigende miere te voed), die miere wat hulle nader

gelok het, te beheer en te verhoed dat hulle deur die res van die kolonie gevreet word. Dit sou gevorderde kennis van klankfrekwensies vereis (veral daardie wat die miere gebruik om te kommunikeer) en genoeg kundigheid in biochemie om smaaklike nektar en middels te skep wat daartoe in staat is om die diensdoenende miere na goeddunke te kalmeer of te prikkel. Om aan te voer dat so 'n komplekse reëling per toeval

kon ontwikkel het in presiese mikro-evolutionêre stappe, gaan verstand sowel as alle waarskynlikheid te bowe. Wat ons in hierdie “singende ruspes” waarneem, is duidelike bewyse van doelbewuste ontwerp asook die skepping van ten volle funksionele kreatuurtjies met 'n kompleksiteit wat byna die menslike verstand te bowe gaan.

—*Stuart Wachowicz*

Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige verandering in u posadres.

“**Waarom die Papawer?**”

Laat in 1914 is die velde van Noordelike Frankryk en Vlaandere weereens uitmekaar geruk toe die Eerste Wêreldoorlog deur die hart van Europa gewoed het. Nadat die konflik uiteindelik verby was, was die papawer een van die enigste plante wat gegroei het op die andersins barre slagvelde.

Die belangrikheid van die papawer as 'n blywende gedenkteken vir die gesneuweldes is verwesenlik deur die Kanadese chirurg John McCrae in sy gedig, *In Flanders Fields*. Die papawer het gekom om die onbepaalbare opoffering wat gemaak is deur sy kamerade te verteenwoordig en het vinnig 'n blywende gedenkteken geword vir almal wat in die Eerste Wêreldoorlog en in latere konflikte gesterf het.

—van BBC.co.uk

Vervolg vanaf bladsy 20 – Sodat ons nie vergeet nie

die dag is groot, sonder weergal! En dit is 'n tyd van benoudheid vir Jakob; maar hy sal daaruit verlos word” (Jeremia 30:7).

Desnieteenstaande sal

miljoene mense in die toekoms sterf, omdat ons vergeet het!

Maak seker dat u John Meakin se artikel “Dit is Londen wat roep” in hierdie uitgawe lees

om addisionele perspektief op die 100ste herdenking van die einde van die Eerste Wêreldoorlog te kry. [WvM](#)

Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik

waarheid, mag selfs bly wees om die waarheid te ken, maar laat na om dienooreenkomstig op te tree. Hulle het oë om te sien, maar is blind vir die noodsaaklikheid om te verander. Dit is deel van die probleem, maar dit is nie die hele storie nie.

Vir party mense is die waarheid bloot 'n onderwerp vir intellektuele insig. Vir sulke individue is die kennis noodsaaklik, maar dade hoef nie na begrip te volg nie. Die apostel Johannes vertel aan ons: “En hieraan weet ons dat ons Hom ken: as ons sy geboorte bewaar” (1 Johannes 2:3). Die *New Bible Commentary Revised* verduidelik: “Vir Johannes is die kennis van God nie 'n mistieke visie of intellektuele insig nie. Dit word getoon wanneer ons Sy Geboorte gehoorsaam. Gehoorsaamheid is nie 'n skouspelagtige deug nie, maar is die grondslag van alle ware Christelike diens”.

Dit was waar in die eerste eeu en is vandag nog steeds so. Baie mense in Jesus se tyd het ook in Hom geglo, met inbegrip van baie welbekende individue, maar hulle het steeds hulle geloof ontken uit vrees vir wat dit hulle kon kos. “Maar tog het selfs baie van die owerstes in Hom geglo; maar ter wille van die Fariseërs het hulle dit nie bely nie, om nie uit die sinagoge geban te word nie. Want hulle het die eer van die mense meer liefgehad as die eer van God” (Johannes 12:42-43).

Moedigheid bo gemak

Dit is 'n feit dat dit nie so maklik is om 'n ware Christen te wees nie. Min mense het die moed en toewyding om die menigtes teë te gaan. Die menings van vriende en familieleden geniet dikwels voorrang. Behaag dit ons Skepper? Jesus beantwoord hierdie vraag ondubbelsinnig in Mattheüs se Evangelie:

“Moenie dink dat Ek gekom het om vrede op die aarde te bring nie. Ek het nie gekom om vrede te bring nie, maar die swaard. Want Ek het gekom om tweedrag te verwek tussen 'n man en sy vader, en tussen 'n dogter en haar moeder, en 'n skoonogter en haar skoonmoeder. En 'n mens se huisgenote sal sy vyande wees. Wie vader of moeder bo My liefhet, is My

nie waardig nie; en wie seun of dogter bo My liefhet, is My nie waardig nie. En wie sy kruis nie neem en agter My volg nie, is My nie waardig nie. Wie sy lewe vind, sal dit verloor; en wie sy lewe verloor om My ontwil, sal dit vind” (Mattheüs 10:34-39; kyk ook Lukas 14:26).

Christus wou nie gesinne ontwig nie, maar Hy het van die probleme geweet wat volg sodra 'n individu Hom bekeer van sonde en gevestigde tradisies verwerp. Hy het geweet dat mense hulle vriende en gesinslede voor Hom sou stel en God sal nie duld om tweede vir enigiets of enigiemand te wees nie. Soos die apostel Paulus vra: “Weet julle nie dat aan wie julle juisself as diensknegte tot beskikking stel om Hom gehoorsaam te wees, julle diensknegte is van Hom aan wie julle gehoorsaam is nie óf van die sonde tot die dood, óf van die gehoorsaamheid tot geregtigheid?” (Romeine 6:16).

Dit is die menslike natuur om *rondom* God se duidelike Wette te redeneer. Ons is van nature vyandig teenoor Sy Wet, soos Paulus ons in Romeine 8:7 vertel. Wanneer God sê dat die sewendedag Sabbat onderhou behoort te word, redeneer mense dat hulle enige dag kan kies. Op een of ander manier kom hulle nogtans altyd tot die slotsom om die dag te kies wat Keiser Konstantyn die “eerbiedwaardige dag van die son” genoem het, eerder as op die dag wat God met donderslae op die berg Sinai gespreek het. In plaas daarvan om die sewe jaarlikse feeste wat in die Ou en die Nuwe Testamente uitgespel word te onderhou, leen moderne “Christendom” by die heidendom, in stryd met ondubbelsinnige opdragte, om dit nie te doen nie.

Israel is opdrag gegee om nie die gebruike van die volke wat hulle moes verdryf te volg nie. “As die HERE jou God die nasies waar jy na toe gaan om hulle uit die besitting te verdrywe, voor jou uitroei, en jy hulle verdrywe en in hulle land woon, neem jou dan in ag dat jy nie, agter hulle aan, verstrik word nadat hulle voor jou uit verdelg is nie, en dat jy nie na hulle gode vra en sê nie: Hoe het hierdie nasies hulle gode gedien? – dat ek ook so kan doen. So mag jy nie handel met die HERE jou God

Onthou asseblief om in te skakel op
Tomorrow's World TV-program van
 11:00 tot 11:30 v.m. op Sondag-oggende,
kanaal 263 op DStv.

nie; want alles wat vir die HERE 'n gruwel is, wat Hy haat, het hulle vir hulle gode gedoen; want selfs hulle seuns en hulle dogters verbrand hulle met vuur vir hulle gode. Alles wat ek julle beveel, dit moet julle sorgvuldig hou; jy mag daar niks byvoeg en daar niks van weglaat nie" (Deuteronómium 12:29-32).

Dus, wat van u? Is u horende doof? Is u

geestelik blind? Of is u bereid om te doen wat nodig is om Christus te volg?

U antwoorde op hierdie vrae word duidelik deur u doen en late getoon, nie deur u woorde nie.



Wêreld van Môre

Bybelstudiekursus

Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang! Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.

**Skryf aan: Lewende Kerk van God
 Privaatsak X 3016
 Harrismith, FS
 9880**

**of skakel : 058 622 1424
 en meld dat u navraag doen
 oor die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus**